

Die Sierduif The Fancy Pigeon

2002

March / April

Lank, lank gelede, daar in Augustus 2001, het 'n klompie sierduiftelers op Kameel in Noord-Wes gaan kuier. Dit was tydens die Noord-Wes Koöperasie se Expo. Soos deur Julian belowe was daar baie pryse deur borge verskaf aan die wenners van die dag.

Kameel is 'n rustige plekkie, naby die natuur en naby jou Here. Saans hou die stilte en die geroep van naguiltjies jou wakker en dink jy aan baie dinge wat jou menswees klein en nietig maak - dit is hier in die verre Kalaharie waar jy jousef weer vind en met nuwe geesdrif terugkeer na die gejaagde lewe.

Dries van der Walt en Julian Fincham, saam met Magda, sy eggenote en Trudi, Magda se suster, wat hier deur laasgenoemde omarm word, het die naweek vir elkeen wat daar was onvergeetlik gemaak. Dankie julle, ons sal weer kom kuier.

Julian
Fincham is
bekend vir
sy kampioen
Raadshere



For the Love and Care of Fancy Pigeons Vir die Liefde en Versorging van Sierduiwe

Official Organ of the South African Fancy Pigeon Association
Amptelike Mondstuk van die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging

DIE S A SIERDUIFVERENIGING THE S A FANCY PIGEON ASSOCIATION

Ere-Presidente / Honorary Presidents

Mnr WLT Klopper, Posbus 143, Schweizer-Reneke Tel 05396-31547

Ds RG Lee, Posbus 6, Swaruggens 2835. Tel 014-5440008

Mr CA Druce, 48 Lange Street, Uitenhage 6230. Tel 041- 9922684

Mr SA Patterson, P.O. Box 69184, Bryanston 2021. Tel 011-7042490

UITVOERENDE KOMITEE EXECUTIVE COMMITTEE

Nasionale / National President:

Mnr WJ (Wynand) Wessels, Posbus 346, Bothaville 9660. Tel: 056-5152769

Nasionale Vise- / National Vice-President:

Mnr CJ (Corrie) van Reenen, Posbus 89, Harrismith 9880. Tel 058-6231041

Nasionale Sekretaris / National Secretary:

Mnr TL (Theuns) Steyn, Posbus 188, Worcester 6850. Tel 023-3424974

E-pos: tsteyn@romatex.co.za

National Treasurer / Nasionale Tesourier:

Mnr CR (Chris) de Bruin, Posbus 788, Derdepark 0035. Tel 012-808 0463

E-pos: chrisdb@hat1.pwv.gov.za

Nasionale Ringmeester / National Ring Master:

Me Petra van den Berg, Posbus 11 589, Universitas 9321 Tel 051-5226141

E-pos: pvdberg@freemail.absa.co.za

Nasionale Redakteur / National Editor:

JJ (Kobus) Snyman, Posbus 22355, Extonweg 9313 Tel 051-4331845

E-pos: kobussnyman@mjvn.co.za

Nasionale Beoordelaarsbeampste / National Judges' Officer:

Mnr C (Christo) Munnik, Posbus 1775, Virginia 9430. Tel 057-2126221

Streekverteenwoordigers Regional Representatives

Transvaal: Dr JH Serfontein, Posbus 2681, Honeydew 2040. Tel: 011-675-0108

Free State: Mnr CG van den Berg, Posbus 11 589, Universitas 9321. Tel 051-5228701

Western Province: Mnr C Wrench. 57 Fairfield Road, Parow 7500. Tel 021-939 75__ (?)

Noord-Vrystaat: Mnr Hansie Botes Posbus 181, Bothaville 9660. Tel 056-515 1135

E-Transvaal: Mnr JF Labuschagne, Posbus 14001, Nelspruit 1200. Tel. 013-7411921

Griekwaland-Wes: Mnr. CJS Möller, Rhodeslaan 6A, Kimberley 8301. Tel 053-861-2146

E. P: Me Netta Prins, P.O. Box 455, Port Elizabeth 6000. Tel 041-364 3933

Oos-Vrystaat: Mnr AJ Loubser, Efratsingel 11, Bethlehem 9700. Tel 058-3033780

S.W. Districts: Mnr Johan Vivier, Posbus 811, Oudtshoorn. 6620 Tel: 044-2516704

Wes-Transvaal: Mnr Dries van der Walt, Posbus 125, Migdol. Tel 053-965-0627 (na-ure)

N-Transvaal: Mnr Willie van Zyl, Kwintstraat 400, Pretoria Tuine 0082. Tel 012-379-3300.

Boland: Mnr BIC Steyn, Posbus 188, Worcester 6850. Tel 023-3424974

Natal: Mr Rob Lombaard, 104 Globe Road, Scottsville, Pietermaritzburg 3201. Tel ?

Namibië Mnr GM Coetzee, Posbus 3099, Windhoek. Tel 061-235410

Website

<http://www.mjvn.co.za/safpa>

Die Sierduif
The Fancy Pigeon

Redaksioneel / Editorial

Mondigwording is altyd plesierig. 21 jaar oud!

In hierdie geval verwys ek na die skryf en uitgee van Die Sierduif. Dit is vanjaar presies 21 jaar dat Die Sierduif deur een of albei van die Snymans uitgegee word.

Maart/April 2002

Verkrygbaar vanaf
Obtainable from
Mnr JJ Snyman
Posbus / P.O. Box 22355,
Extonweg
Bloemfontein 9313
Tel & Fax 051-4331845
Sel. 082 875 0124
E-pos
kobussnyman@mjvn.co.za
Woning / Home
DF Malherbe Laan 11
Estoire

Die Sierduif word
geset deur die
Redakteur en gedruk
en gebind deur
Andrew & Co (051)
4304126

Bydraes vir publikasie
moet voor die 1ste van die
maand vir die
daaropvolgende maand
aan bovermelde adres
versend word. / Send your
contributions to the above
mentioned address before
the 1st of the month for
publication the next month.

**Ondersteun die
Maandblad
met Bydraes
Support the
Magazine
with Contribu-
tions**

Deur die jare het ons baie lief en leed saam met ons lede deurgemaak. Wat egter die meeste vreugde verskaf het, is die baie vriende wat met die jare gemaak is. 'n Mens kan feitlik 'n boek oor alles skrywe.

Eerste wat by 'n mens opkom is dankbaarheid vir die wonderlike genade en leiding wat van ons Hemelse Vader ontvang is om hierdie taak te kon verrig. Daar was tye waar dit nie met die gesondheid goed gegaan het nie, maar op een of ander manier is daar altyd krag en inspirasie ontvang om met die taak voort te gaan. Deur die 21 jaar is daar nooit 'n enkele uitgawe oorgeslaan nie!

Tweedens dink mens voortdurend aan jou voorgangers wat as redakteurs gewerk het. Daar was mense soos wyle Norman Verwey, Mev Lettie Reyneke en Ds Malan. Andere soos Mev Cecile Pretorius, Warren Klopper, David Malan, oom Reyn, Ben Ricketts en Charles Marais is nog met ons.

Wat die meeste plesier verskaf is om die redaksionele kommentare van oom Reyn te lees in vorige uitgawes. Hierdie arend van ons sierduifsport het die wonderlike gawe om Afrikaans so kleurvol te gebruik dat 'n man eintlik lekker kry.

Aan al hierdie voorgangers is reeds hulde gebring in die gedenkuitgawe wat ek in 1992 saamgestel het. Dit is nou tien jaar later en daar gaan stemme op dat dit tyd is om weer so 'n uitgawe saam te stel. Dit sal ons maar vir die volgende redakteur laat want dit het tyd geword om uit te span. Meer besonderhede hieroor sal tydens die Kampioenskapskou in Bethlehem aangekondig word.

Hierdie uitgawe is ietwat dikker as die normale. Ek vertrou u sal dit geniet.

Dan het ons ook slegte nuus ontvang dat Advokaat Chris Möller met kanker gediagnoseer is. Chris, mag die behandeling suksesvol wees en ons bid jou spoedige herstel toe. Aan Alta en die kinders word ook sterkte toegebid in hierdie moeilike tyd.

Kobus Snyman



BANK-OVS EN ANDER SKILDE BANK-OFS AND other SHIELDS

REËLS

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van een Kampioenskapskou tot die volgende een.
 2. 'n Leersame artikel met 'n studie of proefondervindelike agtergrond wat ongeveer 500 woorde beslaan, sal 75-100 punte verdien, afhangende van die oorspronklikheid.
 3. 'n Brief van 'n lid sal 20 punte ontvang.
 4. Streeknuus sal 25 punte verdien.
 5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag sal 15 punte verdien.
 6. Vir die betrokke duiwebyeenkoms sal 'n verdere 50 punte toegeken word.
 7. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Wyk-, Spesialiteitsklubskou, asook Kampioenskapskou sal 30 punte per 100 duive vertoon, ontvang.
 8. 'n Besondere plan of gebeurtenis (goeie idee) tel tot 50 punte. (Bepaal deur die dagbestuur)
 9. Indien die streek se ledetal teenoor die vorige jaar toeneem, sal 10 punte aan die streek toegeken word vir elke addisionele lid.
 10. Vir elke R100 advertensiegeld wat 'n streek vir Die Sierduif insamel, sal daardie streek 60 punte ontvang ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.
- NB** Vir elke R800 aan advertensies wat 'n streek vir Die Sierduif insamel kan die streek een lid nomineer vir gratis lidmaatskap t.o.v. die volgende jaar.

RULES

1. The duration of the competitions will be from one Championship show to the following one.
 2. An informative article with a studious or experimental background and of approximately 500 words length, will earn 75 - 100 points, depending on the originality.
 3. A letter from a member will receive 20 points.
 4. Regional news will be awarded 25 points.
 5. A report about a match meeting will earn 15 points.
 6. The actual match meeting will also be awarded 50 points.
 7. A Region, Young bird, Agricultural, District or Specialised Club show as well as the Championship show will be awarded 30 points per 100 birds, exhibited.
 8. A special plan or happening (good idea) will earn up to 50 points. (Specified by the executive)
 9. A region which increases its membership will receive 10 points for every additional member.
 10. For every R100 re adverts for The Fancy Pigeon a Region will received 60 points towards the Bertie Wessels Trophy donated by Northern Free State.
- NB** For every R800 advertisements for the Magazine a region collects, the region can nominate a member free of subscription fees for the next year.

BANKOVS			
		MANIE FOURIE	
Noord-Vrystaat	0	Westelike Provinsie	0
Noordwes	0	Griekwas	0
Noord-Transvaal	0	Oos-Transvaal	0
Vrystaat	0	Oostelike Provinsie	0
Oos-Vrystaat	0	SWD	0
Transvaal	0	Natal	0
Boland	0	Namibia	0
BERTIE WESSELS			

Belangrik / Important

1. Bestel vandag nog 'n eksemplaar van die Gedenkuitgawe - Junie 1992 (88 bladsye - A4 - 50 jaar se geskiedenis van die SASV) teen R15 vanaf die Ringmeester, posgeld ingesluit.
 2. From Petra vd Berg, our Ring Master: Ties, regional and regional honour scrolls.
 3. From Theuns Steyn, National badges & National Honour scrolls.
 4. Bestel vanaf Christo Munnik die volgende:

Boek van Standaarde	R100
'n lys van Beoordelaars	R 16
Metaal ledebalkies	R 40
Prov. & Nas. Balkies	R 40
Metaal balkies vir Geregistreerde Beoordelaars	R 30
- Bostaande pryse sluit posgeld in. Geen los standaarde meer te koop nie agv die wyse waarop die standaardboek gebind is. Engelse uitgawe nog nie beskikbaar nie - hou hierdie spasie dop vir die beskikbaarheid van die uitgawe



Lynteling deur Lourens Muller


Na 'n goeie broeiseisoen met agt-en-twintig geel Sjinese Uile op die vloer, word nou angstig gewag om te sien hoe hulle ontwikkel.

Met die tweede broeiseisoen met van die geselekteerde duiwe, het ek gesit en 'n lynteelprogram uitgewerk. Daar is baie telers wat dit reeds ken, maar daar is hulle wat net bymekaar gooi en broei. Dit moet slegs geselekteerde duiwe wees.

Volgens die program het ek met vier duiwe begin en hulle uitgesoekte nageslag. Meer pare kan gebruik word. Die vier duiwe moet verkieslik nie verwant wees nie.

Mannetjies A, C, Gemerck M

Wyfies B, D, gemerk W



Indien 9 kuikens geselekteer word is hulle soos hier onder verwant as moontlike pare

1. AB1 x AD 2 Halfbroer en halfsuster
2. AB1 X CB2 Halfbroer en suster
3. AD1 X AB3 Halfbroer en suster
4. AD1 X CD2 Halfbroer en suster
5. AB1 X CD2 Nie verwant
6. CD1 X AB3 Nie verwant
7. CB1 X AB3 Halfbroer en suster
8. CB1 X CD2 Halfbroer en suster
- 9.. CD1 X AD2 Halfbroer en suster
10. CD1 X CB2 Halfbroer en suster
11. A X AB3 Pa en dogter
12. A X AD2 Nie verwant
13. A X CD2 Nie verwant
14. AB1 X B Ma en seun
15. AD1 X D Ma en seun
16. AD1 X B Nie verwant

17. C X CB2 Pa en dogter
18. C X CD2 Pa en dogter
19. C X AB3 Nie verwant
20. C X AD2 Nie verwant
21. CD1 X B Nie verwant
22. CB1 X B Ma en seun
23. CD1 X D Ma en seun
24. A X CB2 Nie verwant
25. D X AB1 Nie verwant
26. D X CB1 Nie verwant
27. A X AB2 Pa en dogter
28. C X AB2 Nie verwant
29. CD1 X AB2 Nie verwant
30. AB1 AB2 Halfbroer en suster
31. CB1 X AB2 Halfbroer en suster

Dit is ongeveer hoe ver u sal kom met 4 duiwe se 9 geselekteerde kuikens. Die parings sal nooit almal in een jaar gedoen



Pigeon Mixtures

Advance Grain (Pty) Ltd

(Previously trading as Kahn & Kahn)


8 Jacob Street, Chamdor Krugersdorp
Telephone 011-762-5261
P.O. Box 414, Krugersdorp 1740.
Fax 011-762-4111

K & K Breeding Mixture (Reg. No V8601)g
K & K Racing Mixture (Reg. No V8603)
K & K High Protein Mixture (Reg. No. V8598)
K & K Tumbler Mixture (Reg. No. V8599)

We are also stockists of all types of grain for self-mixing

N.B.

We stock all types of grain e.g. Beans, Popcorn, Peanuts,
Rice, Wheat, Barley, Bird Seeds, etc., etc.



Cape Town Branch
Brackenfell
Tel: 021-982-0252
Fax: 021-981-6118

Stewart Patterson - Transvaal



kan word nie; dus kan u 'n paar jaar teel sonder om te veel in te teel.

Daar is onder die duiwe genoeg onverwante duiwe om te gebruik.

Onthou om net die heel bestes te gebruik met geen ooreenstemmende foute nie.

Ek glo telers kan van die uiteensetting gebruik maak.

Lourens.

Vrystaat verdien 100 punte

Waaierstertklub deur Otto Holm

Wie is hulle?

Ons klub bestaan uit plus minus 30 lede wat almal toegewyde waaierstert telers is. Ons is gedurig in aanraking met mekaar en kuier dwarsdeur die jaar bymekaar. Dit maak nogal van ons 'n hegte vriendekring.

Die teling van waaiersterte

Om 'n skougehalte waaierstertduif te teel, verg baie aandag en uithouvermoë omdat uit die aard van die ras werklik goeie duiwe nie volop voorkom nie. Dus moet 'n teler nie na die eerste jaar al moed opgee nie.

Die duiwe word afgerig vir skoue. Elke duif moet gewoond raak aan die loophok en ook gewoond raak dat sy stert gevleg word. So raak elke duif met tyd gewoond aan sy eienaar se manier van stertvleg en dikwels as 'n vreemde sy stert vleg is die duif ongemaklik en vertoon nie

DIE NUWE TOYOTA HILUX - BESKIKBAAR BY:

**QWA-QWA TOYOTA
(Phuthaditjhaba)
tel. 058-7183500**

**STANDARD
TOYOTA
(Bethlehem)
tel. 058-3035441**

Ondersteun
laasgenoemde borg deur
u brandstofaanvulling te
doen by die BP vulstasie
- skuins oorkant die Maluti Hoogland Skool

Mede borge van die 2002 SASV Sierduif Kampioenskapskou te Bethlehem



Alfa en omega van Sjinese Uile deur Lourens Muller

Die Standaard is seker die belangrikste item wat enige Sjinese Uil teler mee te doen kan kry.

Ds Renier Lee by uitstek 'n duiwekenner het dit op 'n keer so uitgedruk: Hy sê dat 'n standaard so beskrywend moet wees, dat as iemand die standaard buite die saal lees en sonder om die betrokke ras te sien, dit binne die saal moet kan identifiseer.

Ek het 'n baie goeie artikel gekry wat in 1988 in die VSA geskryf is. Ek het ons huidige standaard geneem en 'n bietjie uitgebrei daarop.

Ek sal graag wil hê telers en beoordelaars moet reageer daarop. Anton Kruger, jy kan van jou ook laat hoor.

Kop 6 punte

Geboë vanaf die agterkop tot by die bek met 'n gladde profiel. Wydte eweëens proporsioneel, nie geknypte

v o o r k o p .
Hoogste punt bokant die oog.

Wat die standaard vir ons sê, is dat die kop goed gerond moet wees van voor na agter. Dit moet nie hoekig of 'n plat voorkoms hê nie. Dit moet nie rond wees nie, meer ovaal, met genoeg agterkop. Die wydte moet so wees dat ons nie 'n g e k n y p t e voorkoms of dun gesiggies het nie. Wange moet goed gevul wees vir 'n g o e i e

aansluiting van die nekstrik. My eie mening is dat vir die 6 punte wat die kop tel, ons nie te veel bekommerd moet wees en duiwe penaliseer vir effense plat koppe, teenoor goeie eienskappe soos houding, tipe, bors en nekstrikke en "pantaloons" nie. Beoordeel die duif in geheel.

Oogringe 2 punte

Solank die oogringe fyn en glad is, is geen probleme te vind nie.

Oog 2 punte

Wakker en helder. Wittes het donker oë en rooi in al die ander kleure. Enige ander kleur oë plaas die duif in 'n mismerkte klas. Beide oë moet dieselfde afwyking hê. 'n Besliste probleem is dat ons duiwe oranje oë het en nie rooi oë soos die standaard vra nie. Dit was op die Sjinese Uilklubvergadering bespreek en sal verander word.

Nek 2 punte

Kort en taamlik dik by die skouers. Spits af na die kop en vorm 'n egalige profiel. Nek effens geboë.

Vermy die dun lang slangnekke en streef na 'n kragtige vol nek wat die indruk gee van "power".

Van die kant gesien moet dit 'n sagte gladde profiel, effens geboë met 'n goeie maan toon.

Vir die twee punte wat die nek tel, is dit na my mening baie belangrike punte vir 'n gebalanseerde duif.

Neusvratte 2 punte

Moet fyn en glad wees met 'n netjiese tekstuur. Na my mening te veel punte in vergelyking met die nek.

Die langpad eindig.

Daar ver oor die horison,
Het die son reeds opgekom.
Hiervandaan 'n paar honderd myl,
Het die blou duif reeds rigting gepeil.

Die wind is nou kwaai van voor,
Brom die duiwe in 'n koor.
Die pad is nog lank en ver,
Hoor my ou bloue die ander sê

Hier voor lê die berge nou,
Die lug so helder en blou.
Baie duiwe het reeds uitgesak,
Dis nog net ons paar op die pad.

Dit kan nou nie meer ver wees,
Skreeu 'n duif van agter, hees.
As die son tog net te gou ondergaan,
Anders sal ek nooit die wenplek kan haal.

Daar is my geliefkoosde hok nou,
Ek vou my vlerke toe...en in is ek gou.
Die son het reeds gesak in die weste -
Weereens is my ou bloue die beste.



Keelvel 2 punte

Goed ontwikkel, beklemtoon die nekstrik en bek. Baie telers is nie eens bewus van die keelvel nie.

Nekstrik 15 punte

'n Gladde en egalige kraag van omgekeerde vere omsluit die nek en het 'n vertikale breek van minstens 6 mm agter die kop en toe voor.

Die standaard vra dat dit 'n egalige kraag rondom die nek moet hê sonder enige 'rofheid of vere wat deur die kraag groei. Die vere groei opwaarts om die kraag te vorm met dieselfde lengte aan albei kante agtertoe.

Die vere se bokant moet net onder die oog sny sonder irritasie van die oog met dieselfde hoogte aan beide kante. Bykans 90% van ons Sjinese Uile se kraag is te laag.

Die kraag moet egalig agtertoe verleng om die 6 mm breek te vorm. Dit moet nie die een kant lank en die ander kant kort wees nie. Dit kom wel voor.

Die vertikale lyn in die breek moet gesien word vanaf die middel van die agterkop na die punt van die kraag.

Dit moet nie die nek omring nie. Ek het al by 'n teler gesien dat die nekstrik 'n soort van kappie in die nek vorm. Oppas vir sulke duiwe. Geen melding word gemaak van die voorkant nie; sommige duiwe maak 'n opening. Streef na 'n kraag wat hoog en toe is.

Verskeie telers beskou die nekstrik as nie so belangrik nie en gee meer aandag aan die res. Onthou dit tel net soveel punte as die borsstrik

en "pantaloons" Dit bly belangrik en omdat dit net soveel punte tel soos die borsstrik en broekvere, kan daar tog nie gesê word dat dit nie belangrik is nie.

Borsstrik 15 punte

'n Oorvloedige vertoning van omgekeerde vere wat die bors heeltemal bedek en 'n horisontale skeiding maak met vere wat opwaarts na die nek en afwaarts na die broekvere strek.

'n Horisontale asook 'n roset borsstrik is aanvaarbaar.

Die standaard sê vir ons dat die bors 'n enorme hoeveelheid omgekeerde vere moet hê wat die hele bors van die Sjinese uil bedek met 'n horisontale skeiding tussen die boonste en die onderste vere met geen kaal gedeelte in die snit nie. Die snit moet 'n goeie hoogte hê. Die horisontale lyn oor die bors moet ook nie heeltemal van vlerkroning tot vlerkroning strek nie, maar moet naby die vlerkroning stop sodat daar genoeg vere uitgroei wat die vlerke bedek. Dit kan reeds vanaf agt tot tien dae ouderdom gesien word wanneer die borsvere begin uitkom.

Indien die snit tot teen die vlerke loop, sal 'n breek in die vere voorkom en sodoende nie die vlerkronings behoorlik bedek nie.

Die boonste vere moet opwaarts groei sodat dit die bors oorvloedig bedek tot onder die nekstrik. Hoe hoër die boonste vere hoe meer sal dit by die skouers verby groei wat 'n pragtige skouer area sal gee. Die boonste borsvere

moet nie 'n driehoek vorm nie, maar breed by die skouers wees.

Sommige Sjinese Uile wys so 'n effense verdeling of soos sommige ouens praat van 'n vertikale snit in die boonste deel van die bors. Duiwe met baie vere is geneig om so 'n snit te wys.

Geen standaard verwys daarna nie en ek glo dis die beoordelaar se besluit. Die onderste gedeelte moet afwaarts groei met massa vere tot by die pantaloons wat die vlerke tot by die broek moet bedek. Van agter gesien sal die borsvere by die vlerk verby staan van bo tot onder by die pantaloons. So 'n duif beïndruk dadelik en dit kan slegs verkry word deur breë bors duiwe.

Alle dele moet aan albei kante eweredig wees met dieselfde hoogte met geen breek by die skouers nie.

Broekvere "Pantaloons" 145 punte

Die standaard vra twee ewe groot klossies vere wat eenders is. Dit groei uit net voor die bene en na my mening so groot as moontlik. Okkerneut grootte is nie vir my 'n goeie weergawe van die grootte nie. Daar kan ook al in die nes bepaal word of die kwaliteit goed sal wees en of hulle skeef gaan wees.

Verder is dit belangrik dat 'n goeie balans tussen die nekstrik, borsstrik en pantaloons gehandhaaf word.

Grootte - 6 punte.

Mannetjies meet 250 mm van die bek na die stert en 250 mm van die vloer na die kruin van die kop. Wyfies meet 200



mm.

Ek persoonlik hou nie van die verskil van 50 mm tussen mannetjies en wyfies nie, daar is nie so 'n groot verskil in die werklike nie. Mate moet in elk geval in gedagte gehou word. Gewig is nie so belangrik nie omdat ons nooit duiwe weeg nie. Sorg liever vir goeie kondisies.

Ek hou nie van lang duiwe nie en selekteer hulle summier uit.

Houding

Dapper, wakker en regop, die oog loodreg bokant die tone met die bors uitgestoot. Houding is 'n baie belangrike eienskap wat tipe bepaal.

Die bors moet prominent gedra word met die oog oor die tone.

Die kop moet nie voor die bors gedra word nie. Daar moet 'n besliste balans wees tussen die lengte, hoogte, breedte en houding. Sommige sjinese uile is te lank en kan nooit sy bors prominent vertoon nie. Balans is sekere die belangrikste eienskap tussen grootte en houding.

Vlerke en stert 8 punte.

Vlerke is styf teen die lyf, rus op die stert wat die punte amper raak. Stert redelik smal en word vry van die grond gedra. Die stert moet 12 vere hê met 1½ veerbreedte.

Vlerke moet op die stert gedra word. Hangvlerke kom voor. Ek het twee duiwe geteel uit 'n geel wyfie wat in hulle lewe nooit hul vlerke op hul sterte sal dra nie. Die ma het dieselfde probleem en by nader inspeksie het ek gevind die gaping tussen die lyf en die begin van die sekondere

vere meet omtrent 45 mm, d.w.s. 'n groot opening, nie asgevolg van kunsteling nie. Hulle is almal tot niet gemaak. Die standaard verwys slegs by foute van gedraaide vere op die vlerkskild. Dit is 'n fout wat geensins in die standaard beskryf word nuie. Sulke duiwe is die meeste wyfies en baie beter geveerd. Dit kan wel netjies getrim word.

Sorg dat sekondere vere die rug goed bedek en plat op die rug lê. met geen sabels nie, d.w.s. goeie "back covering". Die stert moet smal wees met geen visstert of gesplete stert nie, met 12 stertvere en moet net bokant die grond gedra word. Lang duiwe se sterte druk gewoonlik op die grond vas.

Die getal stertvere kan bepaal word deur die twee buitenste stertvere.

Ek het my al die vraag afgepra of dit nodig is om 'n duif te diskwalifiseer indien hy elf stertvere met die buitenste vere teenwoordig het. Die stert en vlerke tel slegs 8 punte.

Sommige buitelandse standaarde verwys dit na die betrokke beoordelaars.

Bene en voete

Kort maar lank genoeg om grasia aan die houding te gee. Beenlengte moet die balans handhaaf. Geen melding word gemaak van toonnael kleur nie.

Vir my is dit ooreenstemmend met die bekkleur. Wat van wit toonnaels by blou en grizzle duiwe?

Kleur 5 punte

Moet diep helder en egalig wees, vermy swak kleur veral op rooi en swart duiwe.

Ons moet net onderskei tussen foute en diskwalifikasies.

By die skou van Sjinese Uile maak dit vir ons beoordelaars wat ander rasse beoordeel, moeilik daar ons nie self ons duiwe kan hanteer nie en sal maak dat ons ernstige telers nie beskikbaar sal wees vir beoordeling van ander rasse nie.

Vrystaat verdien 100 punt

Mookeeskou

Die Mookeeklub se bestuur het besluit dat daar gedurende 2002 'n Prestige skou gehou sal word tydens die gekombineerde NTVL/Gauteng skou wat gehou sal word op 18 Mei 2002 te Pretoria skougronde.

Spesiale pryse sal deur die Mookeeklub oorhandig word vir sekere toekennings gemaak. Alle lede met Mookees word gevra om die spesiale geleentheid mee te maak.

Dankie.

**Roelf Buitendag
Sekretaris NTVL
012 - 335 1016
083 307 2183**



Die Hemel se Supermark

Op die pad van die lewe kom ek eendag 'n padwyser teë

Daarop staan:

DIE HEMEL SE SUPERMARK.

Uit nuuskierigheid draai ek af. Toe ek nader kom sien ek die deure van die pragtige supermark staan oop.

Ek stap binne. Ek sien dat daar oral engele rondstaan.....vriendelik en verwelkomend. Een oorhandig 'n mandjie aan my en sê met 'n glimlag; "My kind koop, koop soveel as wat jy nodig het".

Ek kyk rond en sien dat alles wat 'n Christen nodig het, in die supermark te vind is.

Die eerste wat ek in my mandjie pak is geduld. Op dieselfde rak kry ek liefde - pragtig toegedraai in die mooiste geskenkpapier denkbaar. Op die punt van die rak kry ek deernis en simpatie - en ek pak daarvan ook in....dit het ek baie nodig.

Op die volgende rak kry ek begrip - en ek neem 'n groot pak daarvan.

Toe kom ek by die rak met wysheid...en net langsaan is daar hoop...en ek pak in, ek het daarvan so baie nodig.

'n Hele rak vol geloof is volgende.....dit is in groot pakke beskikbaar.

Ek pak in want daarvan het ek 'n baie groot tekort.

Van 'n rak af vat ek moed en krag en volharding....in vandag se lewe het ek dit so nodig.

By die rak vol genade staan ek stil...en ek pak in..al raak my mandjie voller.

'n Rak vol verlossing trek my aandag...dit kan ek nie los nie..ek pak in soveel as wat ek kan inkry.

My mandjie is nou besig om oorvol te raak en ek beweeg na die kassier toe.

Ek dink ek het nou genoeg om die pad van die lewe verder aan te pak.

Maar toe...toe sien ek die rak met gebed.....dit kan ek nooit los nie....weet as ek by daardie deure uitstap, gaan ek dit nodig kry.

En daar is nog 'n hele rak vol gemoedsrus en lewensvreugde en daar lê pakke vol vrede...ek kan die pad daarsonder nie loop nie.

Terwyl ek daarvan vat wonder ek; Hoe gaan ek dit alles betaal?...

Toe word ek bewus van die sagte, strelende, hemelse musiek wat deur die hele supermark gehoor kan word. 'n Engel sien dat ek luister en met 'n glimlag sê hy, "Dit is die Heilige Gees - Hy is oral teenwoordig, jy mag nie daarsonder hier uitstap nie."

Ek besef daarvan moet ek saamneem.....vir die alleen dae wat wag,

Toe staan ek met my oorvol mandjie by die betaalpunt. Ek kyk na die engel en huiwer, hoeveel skuld ek?

Met 'n glimlag kyk hy na my en sê; My kind, neem alles met jou saam waar jy ookal op die lewenspad mag gaan. Ek teken jou naam in hierdie registerboek aan - dit is die Boek van die Lewe jy skuld niks, want sien, Christus het reeds aan die kruis jou rekening betaal.

Kom weer as jy enigiets nodig kry.

My mandjie is vol.

Groete

Simon Jordaan

Red. Dankie Simon. Dit is mooi. Oos-Transvaal 20 punte.



Duiwe boere is mense met goeie harte

Ek sê altyd aan my vriende dat duiwe mense, mense met goeie harte is en soos een groot familie is. Hierdie woorde kan ek nou uit eie ondervinding bevestig.

Op 13 Januarie 2002 is my seun, Christoff, oppad terug na Johannesburg na 'n naweek in Durban toe sy motor onklaar raak en hy sowat 20 km vanaf Villiers gestrand is. Hy skakel ons so om 18:10 om van sy dilemma te vertel en raad te vra. Ek dink dadelik aan die Spiese in Villiers en na die tweede probeerslag kry ek hulle in die hande en Thea sê hulle sal dadelik ry en gaan kyk of hulle kan help. So net na sewe skakel ons weer en Christoff sê hulle neem sy motor in na die Spiese se huis. Daar aangekom het Japie 'n vriend van hom gekry om te kom help en so by agtuur was Christoff weer oppad. Baie dankie aan Japie en Thea vir hul hulp en dit op 'n Sondagaand wanneer almal rustig tuis wil wees. Dit is net 'n bewys dat 'n mens tog nog op jou duiwevriende kan staatmaak.

Cora Munnik

Noord-Vrystaat 20 punte

Duiwe Uitstalling tydens "Sunday Tribune Garden and Leisure Show"

Van 12-14 Oktober 2001 het ons die geleentheid gehad om duiwe uit te stal tydens die "Sunday Tribune Garden and Leisure Show" te Pietermaritzburg skougronde.

Thirty breeds were on display, exhibited by seven local fanciers. Birds that drew a lot of attention from the public were the Gros Mondains and Runts, exhibited by Gerry Bower, as well as some of the Blower Breeds.

Lionel Phillips donated English Fantails to be raffled for club fund raising. In the process R180 was raised. The birds were won by Mrs Govender from Rietvlei.

We would like to thank the Cage Bird Society, with whom we shared the hall. This joint exhibition was seen as a great success by both parties. We also aim in the future to hold more combined activities in our area with our Feather Friends.

Pigeon Greetings,

Robert Lombaard

Natal verdien 65 punte

Journal - Birmingham Rollers.

Some pigeon fanciers flying Birmingham Rollers have problems with Hawks, especially those who stay out in the country. The Lowveld area with its accordance of wildlife and large quantities of Hawks is a major problem to anyone trying to fly Rollers for performance and also for the racing pigeon fans.

Over the last five years have tried different methods to avoid Hawks, and found the best method to date is the following.

1 Fly your pigeons only about one hour after first light, and about one hour before dark. I prefer flying my Rollers early, because Hawks are normally only active once the heat of the day has set in.

2 When the sun is low in the East or West, is it safer for your pigeons as Hawks often use the sun as a shield from which they launch their attacks.



Skaarsras Parade

3 Cold days are the safest for flying pigeons.

4 The most dangerous times are hot summer days between 9 am and 4 pm.

5 If you do have an attack keep your Rollers in the loft for at least two days, then change the time of your flights to that part of the day that you were not flying.

6 Remember when it comes to hawks there is no guarantee that your pigeons are totally safe, the best is to keep your eyes open and record each sighting of hawks.

7 All information must be recorded, time, weather conditions and temperature CT.

8 Young Rollers and unfit pigeons are the most likely to be attacked.


9 Never fly your Rollers if a hawk has been sighted, or shortly after a sighting.

10 While your Rollers are out side of their loft, never leave them alone.

Trust that the above 10 rules might help you if you do have the same problem.

John Calitz

Ed. E.T. 20 points



bobbejaan. Vir hom het Hy gesê: "Jy sal van tak tot tak spring, andere vermaak en 20 jaar lank leef", waarop die bobbejaan vir 'n leeftyd van slegs 10 jaar gevra het.

Laastens is die mens gemaak en die Here het vir hom gesê "Jy sal die mens wees, die heelal se enigste regdenkende wese. Jy sal jou intellek gebruik om alle diere te oorheers, die wêreld te regeer en vir 20 jaar." Die mens antwoord

toe: "Ek sal 'n mens wees, maar om net 20 jaar te leef, is te kort. Hoekom gee U my nie die 30 jaar wat die donkie nie wil hê nie, die 15 jaar van die hond en die 10 jaar van die bobbejaan nie?"

Toe doen die Here dit. Van toe af leef die mens vir 20 jaar soos 'n mens. Daarna trou hy en werk vir 30 jaar soos 'n donkie. Nadat sy kinders uit die huis is,

spandeer hy 15 jaar soos 'n hond deur die huis op te pas en te eet wat hy kry. En nadat hy afgetree het, leef hy 10 jaar soos 'n bobbejaan deur van kind tot kind te trek en allerhande snaakse dinge te doen om sy kleinkinders te vermaak.

Voorsien deur Wynand Wessels - 20 punte aan Noord-Vrystaat

MA

Ma, ek skryf vir jou 'n gedig
Sonder fênsie leestekens
Sonder woorde wat rym
Sonder bywoorde
Net sommer
'n kaalvoet gedig -
want jy maak my groot
in jou krom klein handjies
jy beitel my met jou swart
oë en spits woorde
jy draai jou leiklipkop
jy lag en breek my tente
op
maar jy offer my elke
aad
vir jou Here God.
Jou moesie-oor is my
enigste telefoon
Jou huis my enigste bybel
Jou naam my breekwater
teen die lewe
Ek is so jammer mama
dat ek nie is
wat ek graag vir jou wil
wees nie.
Eerste gedig van Antjie Krog.

Al gewonder hoe 'n duif rem voordat hy land en gaan sit.

Daar was so 'n ruk gelede 'n geredekawel op 'n Rollerduifdag en vele van die mense teenwoordig het gemeen 'n duif rem met sy stert.

Moenie glo nie, vir interessantheid het ek toe 'n bietjie navorsing gedoen, deur vir die Departement van Voëlkunde te skryf en Dr. Alan Kemp die hoof van die betrokke instansie het die volgende verduidelik.

Die hoof doel van die stert is om die voël of duif te balanseer en rigting te kontroleer. Indien die stert uitgetrek word sal die duif nog steeds kom rem om te land, maar dat dit nie so vinnig rigting sal kan verander nie. Dr Kemp meen dat die vlerke ongetwyfeld die remme is.

Dan in die boek getiteld "Dierekunde deur PAJ Ryke" bladsy 148 die volgende.

Wanneer 'n voël of duif vlieg, is die algemene beweging van die vlerk, afwaarts en vorentoe in die afwaartse slag en opwaarts en agter toe in die opwaartse slag. Voorts is die vlerk in die opwaartse slag gedeeltelik gevou om weerstand teen lug te verminder. Wanneer 'n duif land, maak hy net soos 'n vliegtuig van remflappe gebruik.

Dit word bewerkstellig deur die hoek van die vlerk skerp te laat toeneem sodat die agterkant afwaarts gerig is. Dit laat die lighoogte tydelik toeneem by 'n verminderde snelheid en die proses eindig daar waar die voete kontak met die landingspunt gemaak het.

So wat sê die Wedvlug, Roller, en Hoogvlieër mense hiervan?
Groete van Hok tot Hok, Piet Brouwer



Wat is 'n Ma?

'n Ma is 'n drukkie-mens, 'n soentjie-mens, en ek-is-lief-vir-jou-mens!

JOU MA IS 'N KONINGIN WAT JOU SOOS 'N SLAAF BEDIEN. WEES LIEF VIR HAAR, GEE HAAR AANDAG.

Wat is 'n Pa?

'n Pa is jy-was-stout-mens, ek-gaan-jou-straaf-mens, want-ek-het-jou-lief-mens!

JOU PA IS 'N KONING WAT SOOS 'N SLAAF VIR JOU WERK. WEES LIEF VIR HOM! GEE HOM 'N DRUK!

Wat is 'n Broer?

'n Broer is 'n gee-terug-my-goed-mens, want-ek-gaan-jou-klap-mens, want jy-is-my-maat-mens!

JOU BROER IS SOOS 'N PRINS. HY SAL JOU ALTYD RED. GEE HOM 'N SOEN!

Wat is 'n Suster?

'n Suster is 'n klikbek-mens, 'n toemaar-troos-mens, maar ook 'n vriendin-mens!

JOU SUSTER IS SOOS 'N PRINSES. SY SAL JOU ALTYD BYSTAAN. GEE HAAR 'N ROOS!

Wat is Jy?

Jy is 'n pragtige mens, 'n liefde-mens, en ek-kan-alles-doen-mens!

'n Ek-is-hartseer-en-ek-is-bly-mens! Jy is...'n spesiale mens!

JY BAKLEI DIKWELS ONNODIG MET JOUSELF EN KLA ONNODIG OOR JOUSELF, GEE JOUSELF 'N KLAP EN 'N SOEN!

Wat is God?

GOD IS HY SONDER WIE ONS NIE KAN OF MAG LEWE NIE!

GOD IS HY WAT ONS ANKER IN DIE LEWE IS. GOD IS LIEFDE!

GEE VIR GOD.....JOUSELF!!!!

Vitamins en Minerals - Submitted by Simon Jordaan

Vitamins:

The body uses chemical substances and vitamins as catalysts to control and enhance the smooth functioning of the digestive system, the nervous system, metabolic processes and cardiovascular system.

Vitamins are soluble, e.g. A,D, and E and water soluble, E/g. B1 (thiamine), B2 (riboflavin) B? (pyridoxine), B12 (cyanocobalamine), niacene, pantothenic acid, etc. Vitamin C is a vitamin requiring special emphasis due to it's versatile role, such as enhancing immunity against disease and its stress-alleviating nature with regard to abnormal temperatures, to mention but two. Choline chloride and vitamin B15, regarded as pseudo-vitamins, are also believed to be important.

THE FUNCTIONS OF NUTRIENTS

ENERGY

Combustion of energy nutrients in the body is a complex biochemical reaction in which vitamins, amino acids, enzymes and minerals play a role. Fuel is thus provided for muscle functioning, (heart, lungs, kidneys, liver, breast and other bodily muscles). In the case of working pigeons, it is most important that this combustion process performs efficiently. Pigeons consume energy in the form of carbohydrates and fat. In the digestive canal it is broken down or transformed into glucose and fatty acids respectively, the forms in which it is absorbed into the blood circulation system.



bobbejaan. Vir hom het Hy gesê: "Jy sal van tak tot tak spring, andere vermaak en 20 jaar lank leef", waarop die bobbejaan vir 'n leeftyd van slegs 10 jaar gevra het.

Laastens is die mens gemaak en die Here het vir hom gesê "Jy sal die mens wees, die heelal se enigste regdenkende wese. Jy sal jou intellek gebruik om alle diere te oorheers, die wêreld te regeer en vir 20 jaar." Die mens antwoord

toe: "Ek sal 'n mens wees, maar om net 20 jaar te leef, is te kort. Hoekom gee U my nie die 30 jaar wat die donkie nie wil hê nie, die 15 jaar van die hond en die 10 jaar van die bobbejaan nie?"

Toe doen die Here dit. Van toe af leef die mens vir 20 jaar soos 'n mens. Daarna trou hy en werk vir 30 jaar soos 'n donkie. Nadat sy kinders uit die huis is,

spandeer hy 15 jaar soos 'n hond deur die huis op te pas en te eet wat hy kry. En nadat hy afgetree het, leef hy 10 jaar soos 'n bobbejaan deur van kind tot kind te trek en allerhande snaakse dinge te doen om sy kleinkinders te vermaak.

Voorsien deur Wynand Wessels - 20 punte aan Noord-Vrystaat

MA

Ma, ek skryf vir jou 'n gedig
Sonder fênsie leestekens
Sonder woorde wat rym
Sonder bywoorde
Net sommer
'n kaalvoet gedig -
want jy maak my groot
in jou krom klein handjies
jy beitel my met jou swart
oë en spits woorde
jy draai jou leiklipkop
jy lag en breek my tente
op
maar jy offer my elke
aand
vir jou Here God.
Jou moesie-oor is my
enigste telefoon
Jou huis my enigste bybel
Jou naam my breekwater
teen die lewe
Ek is so jammer mama
dat ek nie is
wat ek graag vir jou wil
wees nie.
Eerste gedig van Antjie Krog.

Al gewonder hoe 'n duif rem voordat hy land en gaan sit.

Daar was so 'n ruk gelede 'n geredekawel op 'n Rollerduifdag en vele van die mense teenwoordig het gemeen 'n duif rem met sy stert.

Moenie glo nie, vir interessantheid het ek toe 'n bietjie navorsing gedoen, deur vir die Departement van Voëlkunde te skryf en Dr. Alan Kemp die hoof van die betrokke instansie het die volgende verduidelik.

Die hoof doel van die stert is om die voël of duif te balanseer en rigting te kontroleer. Indien die stert uitgetrek word sal die duif nog steeds kom rem om te land, maar dat dit nie so vinnig rigting sal kan verander nie. Dr Kemp meen dat die vlerke ongetwyfeld die remme is.

Dan in die boek getiteld "Dierekunde deur PAJ Ryke" bladsy 148 die volgende.

Wanneer 'n voël of duif vlieg, is die algemene beweging van die vlerk, afwaarts en vorentoe in die afwaartse slag en opwaarts en agter toe in die opwaartse slag. Voorts is die vlerk in die opwaartse slag gedeeltelik gevou om weerstand teen lug te verminder. Wanneer 'n duif land, maak hy net soos 'n vliegtuig van remflappe gebruik.

Dit word bewerkstellig deur die hoek van die vlerk skerp te laat toeneem sodat die agterkant afwaarts gerig is. Dit laat die lighoogte tydelik toeneem by 'n verminderde snelheid en die proses eindig daar waar die voete kontak met die landingspunt gemaak het.

So wat sê die Wedvlug, Roller, en Hoogvlieër mense hiervan?
Groete van Hok tot Hok, Piet Brouwer



Wat is 'n Ma?

'n Ma is 'n drukkie-mens, 'n soentjie-mens, en ek-is-lief-vir-jou-mens!

JOU MA IS 'N KONINGIN WAT JOU SOOS 'N SLAAF BEDIEN. WEES LIEF VIR HAAR, GEE HAAR AANDAG.

Wat is 'n Pa?

'n Pa is jy-was-stout-mens, ek-gaan-jou-straaf-mens, want-ek-het-jou-lief-mens!

JOU PA IS 'N KONING WAT SOOS 'N SLAAF VIR JOU WERK. WEES LIEF VIR HOM! GEE HOM 'N DRUK!

Wat is 'n Broer?

'n Broer is 'n gee-terug-my-goed-mens, want-ek-gaan-jou-klap-mens, want jy-is-my-maat-mens!

JOU BROER IS SOOS 'N PRINS. HY SAL JOU ALTYD RED. GEE HOM 'N SOEN!

Wat is 'n Suster?

'n Suster is 'n klikbek-mens, 'n toemaar-troos-mens, maar ook 'n vriendin-mens!

JOU SUSTER IS SOOS 'N PRINSES. SY SAL JOU ALTYD BYSTAAN. GEE HAAR 'N ROOS!

Wat is Jy?

Jy is 'n pragtige mens, 'n liefde-mens, en ek-kan-alles-doen-mens!

'n Ek-is-hartseer-en-ek-is-bly-mens! Jy is... 'n spesiale mens!

JY BAKLEI DIKWELS ONNODIG MET JOUSELF EN KLA ONNODIG OOR JOUSELF, GEE JOUSELF 'N Klap EN 'N SOEN!

Wat is God?

GOD IS HY SONDER WIE ONS NIE KAN OF MAG LEWE NIE!

GOD IS HY WAT ONS ANKER IN DIE LEWE IS. GOD IS LIEFDE!

GEE VIR GOD.....JOUSELF!!!!

Vitamins en Minerals - Submitted by Simon Jordaan

Vitamins:

The body uses chemical substances and vitamins as catalysts to control and enhance the smooth functioning of the digestive system, the nervous system, metabolic processes and cardiovascular system.

Vitamins are soluble, e.g. A,D, and E and water soluble, E/ g. B1 (thiamine), B2 (riboflavin) B? (pyridoxine), B12 (cyanocobalamine), niacene, pantothenic acid, etc. Vitamin C is a vitamin requiring special emphasis due to it's versatile role, such as enhancing immunity against disease and its stress-alleviating nature with regard to abnormal temperatures, to mention but two. Choline chloride and vitamin B15, regarded as pseudo-vitamins, are also believed to be important.

THE FUNCTIONS OF NUTRIENTS

ENERGY

Combustion of energy nutrients in the body is a complex biochemical reaction in which vitamins, amino acids, enzymes and minerals play a role. Fuel is thus provided for muscle functioning, (heart, lungs, kidneys, liver, breast and other bodily muscles). In the case of working pigeons, it is most important that this combustion process performs efficiently. Pigeons consume energy in the form of carbohydrates and fat. In the digestive canal it is broken down or transformed into glucose and fatty acids respectively, the forms in which it is absorbed into the blood circulation system.



Glucose is transported by the blood to the liver where it is converted to glycogen.

Glycogen is dispatched to the body's energy depots or where combustion for work purposes is taking place. Reconversion is required prior to combustion.

Fatty acids are absorbed into the lymphatic system from where they are transferred into the blood circulation system. The blood conveys the fatty acids to the liver where it is converted to energy constituents or fat for body storage. Fat is stored in a passive form around organs.

Active combustible fat constituents are supplied as energy sources to the cells and muscles, together with glucose. They are the ideal sources of rapidly available energy for pigeons, in contrast to inactive visceral fat when, after prolonged work sessions, glycogen stocks become depleted. Energy deficiencies are characterized by listlessness, proneness to disease, racing losses, poor performance and weight loss. Pigeons stop moulting, do not mate and even become infertile. Nestlings show poor growth.

PROTEIN

Proteins are broken down to amino acids in the digestive canal in the essence of catalysts. Energy is required for these processes.

Amino acids are absorbed into the bloodstream and conveyed to the liver for further metabolism. They are then transported by the blood to sites where they are used for building new cells in the place of old worn cells, body fibres and muscles. Throughout all these processes energy, vitamins, enzymes and hormones all play a role. Poorly developed muscles and feathers indicate a deficiency of proteins. Because of the interrelationships of nutrients during metabolism symptoms corresponding to those of an energy deficiency will also be observed.

MINERALS

CALCIUM, PHOSPHORUS AND MAGNESIUM

Calcium (Ca) is primarily required for skeletal formation and maintenance.

Deficiencies, imbalances or impaired metabolism cause skeletal disabilities (crooked legs), lameness and proneness to disease. Calcium is also required for effective muscle functioning, especially for the heart muscle.

Phosphorus (P) is intimately involved in the release of energy during combustion for all vital bodily functions.

Magnesium (Mg) is a constituent of important enzymes and also catalyses important vital chemical re-

actions related to energy metabolism.

IRON

Iron (Fe) is an important constituent of blood, directly related to the oxygen-carrying capacity of the blood. As such it is most important for racing pigeons.

Iron deficiency causes anaemia, poor performance, proneness to diseases, inadequate gaseous exchange and therefore an impaired respiratory system.

COBALT

Cobalt (Co), the constituent of Vitamin B12, is important for good health, energy metabolism, muscle function and nervous system mechanisms.

A deficiency of cobalt or vitamin B12 directly causes poor performance and sub-clinical disease conditions.

IODINE

Iodine (I) function is primarily involved with the goiter, a hormone producing endocrine gland, and thus with most of the vital metabolic processes of the body. Of primary importance is the role of the gland concerning energy metabolism.

A deficient or impaired goiter causes skeletal deformities, stillbirths or infertility and obesity or weight loss.



This micro-mineral is an important nutrient and. Together with a smooth functioning goiter, a very important performance determinant.

ZINC

Zinc (Zn) ensures healthy skin and feathering, intact mucous membranes and good general health.

Deficiencies lead to secondary infections and skin diseases.

POTASSIUM

is important because of its role in the electrolytic system of the body, together with salt and other minerals. Cell health normality is related to availability of potassium in the daily diet.

Impaired electrolytic function depresses cell function with regard to cell by-product removal and gaseous exchange, thus increasing the process to infection and poor performance.

VITAMINS

VITAMIN A

Mucous membrane health of the respiratory tracts, the digestive tract, eyes and reproductive organs is dependent on adequate vitamin A indigestion.

Secondary infections involving the above very often correlate with the availability of vitamin A.

Phosphorus shortcomings

very often are involved when vitamin A problems develop.

Laying distress with hens often relates to a vitamin A or a phosphorus deficiency.

Cocks often become infertile due to sperm death or deformities or sperm absence.

Night blindness and infections of the eye are also caused by vitamin A deficiencies.

VITAMIN D

Vitamin D is intimately involved in calcium, phosphorus, and magnesium metabolism and therefore skeletal maintenance. Suppressed skeletal formation and maintenance will impair muscle attachment to skeletal bones. Vitamin D deficiency has been found to cause inadequate ovulation due to indirectly impairing phosphorus metabolism. Sunlight is required for spontaneous vitamin D synthesis under the skin.

VITAMIN E

Vitamin E is, contrary to traditional belief, less of a fertility vitamin than vitamin A. The main vitamin E function is directed towards the blood circulation system. Clean, smooth blood veins and increased oxygen-carrying ability by the blood is largely attributable to a healthy vitamin E status. Vitamin E also plays a role

in nervous system mechanisms.

A relationship between vitamin E and iron has been reported, while the relationship with the mineral selenium is well known. Vitamin E deficiency causes lameness among 12-18 week old birds and also a collapse of brain and body co-ordination among all ages of pigeons.

VITAMIN C (ascorbic acid)

Vitamin C has the functional capacity to increase immunity against respiratory infections, provide stamina to cope with heat and cold stress and enhance recuperating ability of wounds and infectious lesions. Vitamin C may also play a role in electrolytic efficiency and cell repletion.

VITAMIN B1 (thiamine)

A most important vitamin involved in energy metabolism and nervous system functioning

Deficiencies, which can be caused by prolonged medication with Emtryl, Sulfamezathine, etc. and diet deficiencies, precipitate impaired central nervous system and body co-ordination as can be observed in a head turned upside down. Blindness may also develop.

VITAMIN B12

Turn to page 23



Kameel Expo in beeld



Die prysborge van die Expo

Van Links na Regs: Juliun Fincham, Chris Bezuidenhout (Tak bestuurdervan die Kooperasie) Johan Voster, Hein Moolman, Piet Smit, Henk Bester en Henry Abbot. Op die inlas verskyn Gawie van Ivomec. Baie dankie aan al hierdie manne wat in een of ander vorm 'n prys geborg het. Kobus le Roux wat die springbok vir die junior afdeling geskenk het, was nie aanwesig nie.



Om die kampvuur, gesellig en ontspanne:

Agter: Julian, Nico Conradie, Johan de Bruin en Corrie van Reenen.

Voor: Magda, Christoffel Munnik (wat nie snags kon slaap nie), en Chris de Bruin.





Expo in beeld: Bertie Wessels het met sy kampioene sowel die Gemsbok as Springbok gewen. Julian oorhandig sy pryse aan hom



Die wenners van die Expo, Wynand en Bertie, saam met Julian en Dries van der Walt



Vrystaat - *sy trots, sy mense en dinge!*



Vrystaat lewer nie net rugbyspelers van formaat aan ander Provinsies nie. Hy bring ook sy kant in die sierduifstokperdjie - Petra van den Berg is ons Ringmeester



Another lady of stature from the Free State, Diana Weatherhall. She is responsible for the up to date SAFPA Computer- and Show Programme



Vrystaatlede tydens die AJV gedurende November 2001





Braai by die Snymans

breeders have pigeons to sell, they contact the Agent and advise him what they have on offer, where buyers again can contact him/her when looking to purchase. How simple this would have been if such a system was in operation when I started again from scratch. I suggest that should the Committee move in this direction, the Agent must be someone who knows the breeds i.o.w. a known and existing breeder and judge.

Finally I would like to suggest that the S.A.F.P.A. consider printing an "Illustrated Fancy Pigeon Guide - Geillustreerde Sierduif Gids." Ek voel dat dit nodig is dat so 'n boekie gedruk word in die vorm van fotos van elke duif met 'n kort beskrywing, twee photos per bladsy die groote van die huidige "Die Sierduif" teen 'n baie redelike koste. Ek kan u verseker dat so'iets byval sal vind by die man in die straat en dit sal ook die sierduif propageer. Ek het met Kobus telefonies die saak bespreek, dit gaan maar weer op jou skouers val Kobus, dankie dat jy jou tyd vir die wonderlike saak opoffer. Ek hoop die gedagte vind byval by al die Sierduif liefhebbers

Groete,
Dan Cloete.

Dan, dankie vir die voorstelle. Die Landbou-weekblad sal eers weer gekontak word, nadat die

reeks wat tans in die Avizandum gepuliseer word, afgehandel is.

Dan wil ek net noem dat die reeks van die Avizandum wel in 'n boek sal verskyn. Oor die Agent om duiwe te verhandel, kan ek net noem dat daar in die jare 80's wel

so iemand was, naamlik oom Tikkie van Zyl. Dit het egter sy eie probleme opgelewer en oom Tikkie het dit gestaak. Ons weet nou wat die probleme was en kan so 'n gedagte weer aan die gang kry.

Koop van Speciale Ringe en die wen van kontant prysgelde

Inleiding

Om geld in te samel vir die SASV, geldpryse aan telers te bied en terselfdertyd aan alle lede die geleentheid te bied om geld te verdien, is twee stelsels van spesiale ringe en 'n potstelsel met kontantprysgelde deur die AJV te Bethlehem op aanbeveling van die U.K. goedgekeur. Hierdie stelsels is gefundeer op die spesiale wedvlugte wat deur vliegduifklubs aangebied word en die reëls is oorwegend vandaar ontleen.

Die enigste verskil is dat die wegvlugduif op sy eie die geld vir die eienaar wen, terwyl ons hier met die menslike faktor van beoordeling te doen het. Juis daarom word 'n beoordelingwyse deur soveel moontlik beoordelaars voorgestel, asook om 'n groter groep duiwe op die beoordelaars lyste te identifiseer as wat daar plekpryse sal wees. Sodoende sal die veld meer gelyk gemaak word en kan bevoordeling deur een groep beoordelaars feitlik geen

rol speel nie. Die gemiddelde sal die wenduiwe na vore bring.

A. Die Poelstelsel

1. Alle duiwe kompeteer teen mekaar, ongeag populariteit.
2. Tydens die kampioenskapskou word 30 ringe tydens die
3. Elke ring word afsonderlik

prysuitdelingsfunksie opgeveil. Die koper bepaal die grootte ring wat hy wil verkies. Elke ring se nommer en grootte sal aangeteken word, sowel as die prys en die naam van die koper, wat die register vir ontvangs sal teken.



aangebied en gaan aan die hoogste bieër. Die ringe sal, soos hulle verkoop word, aan die verkoper oorhandig word. Vir 2003 se SA's sal die huidige 2002 ringe aangewend word.

4. Die SASV ontvang 20% van die totale veiling opbrengs. Die res, naamlik 80% word deur die SASV se Nasionale Tesourier, vir prysgelde gehou tot met die eerskomende SA's, wat soos volg sal uitbetaal:

1ste plek-	40%;
2de plek	30%;
3de plek	20%
4de plek	10%

B. Die Groepstelsel

1. Die stelsel is so ontwerp dat elke ras in ons versameling duiwe vir sy eienaar geld kan wen en om die wenners oor so 'n breë front as moontlik te versprei. Die skaars soorte duiwe kan ook wen. Om dit te bewerkstellig, word die duiwe in groepe verdeel, naamlik

Groep A: Die tien populêrste rasse op grond van getalle, gebasseer op die vorige jaar se skoustatistiek.

Groep B Die rasse tussen 11 en 29 in die getalsverhouding.

Groep C Die rasse tussen 30 en 59 in die getalsverhouding; en

Groep D Die rasse in die getalle vanaf 60 tot aan die einde van die statistiek

2. Elke groep duiwe sal sy eie prysgelde genereer en geen groep sal enige ander groep subsidieer nie, dws elke groep is eksklusief, Groep A ding ook nie teen Groep B mee nie en B nie teen C nie, ens.
3. Die aankoopprys van 'n ring deur lede is R100,00 wat betaalbaar is tydens aankope. Vir 2003 se SA's sal die huidige 2002 ringe aangewend word, behoorlik geïdentifiseer en per register aangeteken met ontvangserkenning. Elke teler wat lid van die SASV is kan by hierdie stelsel inskakel deur soveel Spesiale Ringe van dieselfde grootte of verskillende groottes, aan te koop as wat hy/sy goëddunk. Lede wat nie die SA's bywoon nie, kan die ringe vanaf die Ringmeester bestel, wat dit per geregistreerde pos sal aanstuur. Geen ring, reeds in besit van 'n lid, mag vir die doel aangewend word nie.
- Ringe vir die 2003 SA's sal tot en met 30 Oktober vanaf die Nasionale Ringmeester aangekoop kan word.**
4. Van hierdie gelde gaan 30% aan die SASV wat op sy beurt 10% sal afstaan aan die spesifieke streek wat die volgende kampioenskapskou sal

aanbied, omdat dit administrasie sal verg. Die oorblywende 70% sal deur die SASV se Nasionale Tesourier gehou word wat aan prysgelde op die volgende Kampioenskapskou uitbetaal word en wel soos volg:

1ste plek -	45%;
2de plek -	25%;
3de plek -	15%;
4de plek -	10%;
5de plek -	5%

5. Gelde betaalbaar aan die streek wat die SA's aanbied, sal uitbetaal word tydens die Kampioenskapskou waar die duiwe beoordeel word en nie voor die tyd nie, want as dit nie bevredigend geadminestreer word nie, sal die gelde nie uitbetaal word nie. Die beoordelaarsbreampste sal dan die reëlings oorneem.

c. Die Potstelsels (voortvloeiend uit A & B) Algemeen

1. Die poelstelsel- en groepstelsel duiwe moet per lys in die skousaal beskikbaar wees, sonder die naam van die vertoner, maar met vermelding van die ras en hoknommer, sodat alle lede die duiwe kan besigtig. 'n Potstelsel teen R10 per voorspelling vir alle lede en eienaars van hierdie spesiale ring duiwe, sal in omloop



wees tydens die Kampioenskapskou tot voordat hierdie duiwe beoordeel word. 20% van die potgelde sal aan die SASV gaan en 80% aan die wenner(s) van die potstelsel.

2. Lede kan sy potspel beperk tot die Poelstelselduiwe of groep A, B, C of D van die Groepstelselduiwe. Dit staan egter enige-een vry om in al 5 kategorieë sy potte te speel teen R10 per groep, dws teen R50 kan hy vir al die groepe 'n voorspelling waag van die uitslag.

Poelstelsel duiwe:

3. Die lid wat die wenduiwe in die korrekte volgorde van 1, 2, 3 en 4 voorspel ontvang die potgelde. Indien meer as een korrekte voorspelling in die kol is, sal die potgelde tussen die wenners verdeel word. Indien geen korrekte voorspelling na vore kom nie, sal die persoon(e) wat die meeste duiwe in die regte plekpryse reg het, die potgelde ontvang, byvoorbeeld as hy 1,2, en 4 in die kol het, of al is dit net 1 & 2 of 1 & 4. Indien daar steeds geen wenner is nie, sal hierdie gelde vir die volgende jaar oorgehou word.

Groepstelsel duiwe:

4. Die lid wat die wenduiwe in die korrekte volgorde

van 1,2,3,4,5 plaas in een, twee, drie of al vier groepe sal die potgelde ontvang van die groepe of groep. Indien meer as een voorspelling in die kol is, sal die potgelde tussen die wenners verdeel word. Indien geen korrekte voorspelling na vore kom nie, sal die persoon(e) wat die meeste duiwe in 'n groep of groepe in die regte plekpryse reg het, die potgelde ontvang, byvoorbeeld as hy 1,2, 3 en 5 in die kol het, of al is dit net 1, 3 en 5 of 1 & 4. Indien daar steeds geen wenner is nie, sal hierdie gelde vir die volgende jaar oorgehou word.

Reëls wat van toepassing is

1. Spesiale ringe vir die Groepstelsel wat met die SA's van 2004 van toepassing sal wees, sal beskikbaar wees saam met die gewone 2003 ringe tot en met die 2003 kampioenskapskou. Die aankoper moet dit so op die ringbestellingsvorm aandui.
2. Vir die Poelstelsel sal die ringe slegs op die Kampioenskapskou opgeveel word vir die daaropvolgende Kampioenskapskou. Persone wat na die Kampioenskapskou tot die poelstelsel wil toetree, kan 'n poelring koop teen die gemiddelde veilingprys + 10% wat die ringe

tydens die SA's behaal het.

3. Slegs die koper van die ring deel in die prysgelde. Dit verhoed nie die koper om 'n duif deur iemand anders te laat ring nie, welke ooreenkoms ookal tussen hulle, niks met die kompetisie te make het nie.
4. Verlore ringe of duiwe wat kort voor die SA's vrek, is die verlies van die koper. Geen verhaling kan geskied nie. Hierdie duiwe kan slegs eenkeer a jaaroud op die Nasionale Kampioenskapskou kompeteer, daarna is die ring van nul en geen waarde. As so 'n spesiale ring duif nie geskou word nie, word die reg om te kompeteer verbeur.
5. Die Nasionale Ringmeester sal die verkoop van die spesiale ringe administreer en 'n afskrif aan die Nasionale Tesourier verskaf. Alle gelde sal deur die Nasionale Tesourier in die bankrekening van die SASV gehou word. Die SASV sal geregtig wees op die rente, indien enige.
6. Eienaars van hierdie pot en groepduiwe, moet sorgdra dat die duiwe behoorlik op die inskrywingsvorm vir die SA's geïdentifiseer is. Spasie sal daarvoor ingeruim word. Duiwe wat nie per inskrywingsvorm geïdentifiseer word nie, verbeur die reg om



beoordeel te word.

7. Die hokkaarte van hierdie duiwe moet behoorlik geïdentifiseer word deur die streek wat die kampioenskapskou aanbied.
8. Die beoordelaars, soos onder beoordeling bespreek, sal deur die Beoordelaarsforum aangewys word. Die Nasionale Beoordelaarsbeampte sal die leiding neem, die beoordelaarsvorm vir hierdie doel voorberei en die finale akkumulاسie doen om die wenners te bepaal.
9. Duiwe word die dag na die hoofbeoordeling gedoen in die hokke waar die raswenners vertoon was. Dit is die verantwoordelikheid van die Streek wat die Kampioenskapskou aanbied om die duiwe daarheen te verskuif.
10. Elke spesiale ring duif sal met sy hokkaart in hierdie hokke geplaas word, volgens die 2 stelsels en 4 groepe.
11. Die streek wat die Kampioenskapskou aanbied, sal iemand aanwys om die Potstelsels te hanteer en alle lyste en gelde sal aan die Nasionale Tesourier oorhandig word wanneer die tyd verstreke is.
12. Wat die groepstelsel betref, sal die groepe waarin die verskillende rasse sal meeding, jaarliks tydens die

kampioenskapskou geïdentifiseer word deur die Nasionale Beoordelaarsbeampte op grond van die skouseisoen se statistiek.

13. As die Poelstelsel dit regverdig, kan meer as 30 ringe daarvoor geïdentifiseer word.
14. Alle uitslae is finaal en geen reg tot appel bestaan nie. Daar sal ook geen bespreking gevoer word nie.

Beoordeling:

6.1. Poelduiwe:

6.1.1. **Beoordeling** geskied deur twee groepe wat bestaan uit een Senior Beoordelaar, en twee Rasbeoordelaars (Nasionaal en Provinsiaal), Elke groep van 3 beoordeel as groep op hul eie. Elke groep sal die duiwe van 1 tot 10 plaas en die 4 plekpryswenners sal bepaal word deur die 2 uitslae-lyste bymekaar te voeg om die gemiddelde te kry. Die vier duiwe wat die meeste punte het, sal 1ste, 2de, 3de en 4de geplaas word, **met inagneming van reël 7.**

6.2. Groepduiwe:

6.2.1. Die beoordeling van hierdie duiwe sal deur 4 groepe beoordelaars afsonderlik gedoen word, elke groep sal bestaan uit een senior beoordelaar en twee ander (Nasionaal en Provinsiaal wat oor die meeste rassertifikate van die rasse in 'n groep

beskik). Elke beoordelaarsgroep sal 2 groepe van hierdie duiwe beoordeel. Elkeen van hierdie groepe beoordelaars sal hierdie duiwe per groep afsonderlik van 1 tot 10 plaas en die pryswenners sal bepaal word deur die 2 uitslae-lyste van elke groep bymekaar te voeg om die gemiddelde te kry wat die vyf plekpryse sal bepaal in elke groep. Die vyf duiwe in elke groep wat die meeste punte het, sal 1ste, 2de, 3de, 4de en 5de geplaas word, **met inagneming van reël 7.**

7. Tot tyd en wyl die stelsel verfyn is, sal beoordelaars die volgende voorskrifte nakom.

7.1. 'n **Ras-wenner** wat 'n spesiale ring dra, kan nie nou teenoor 'n ander duif in sy ras verloor nie, maar meer as een duif in 'n ras kan ander rasse klop.

7.2. 'n **Duif(we) wat in die Top 7** was wat 'n spesiale ring dra, sal outomaties die winner(s) wees van die poelstelsel of die groep, wat hy verteenwoordig in die groepstelsel. As so iets gebeur, moet slegs die tweede, derde en ander plekke geïdentifiseer word.

Notas:

1. Die kans dat spesiale ring duiwe bo-aan die normale



toppryse sal eindig, is skraal, soos reeds bewys deur spesklubs se spesiale ringkompetisies. Diegene wat reken dat die top 7 nie in die prentjie moet kom nie, moet onthou dat daardie duif deur 'n rasbeoordelaar as die beste in sy ras beskou was. En al stem ons nie altyd saam met die Top 7 nie, het ons geen ander keuse as om hierdie duif se prys in die Top 7 te aanvaar nie. Buitendien span ons dalk die kar voor die perde. As ons dit nie so doen nie, kan ons groot verleentheid skep vir die hoofbeoordelaar van die vorige dag en kan die stelsel meer kwaad as goed doen. Die Top 7 is 'n tradisie van die SASV en die Spesiale Ringkompetisie behoort ondergeskik te bly.

2. Hierdie stelsel sal so geïmplimenteer word tot en met 2004, waarna dit gewysig kan word indien voorstelle op die tafel kom wat blyk 'n beter stelsel voor te stel.

Gevolgtrekking

Hierdie stelsel kan mettertyd verfyn word. Dit is die opinie dat dit 'n nuwe era in die stokperdjie kan inlui en dat dit as inspuiting kan dien om meer lede te werf vir die SASV. Daar is verskeie ander voordele soos -

- die aanmoediging van mededinging onder lede;
- groter betrokkenheid van lede by beoordeling wanneer hy sy potgeld

speel, dws verbreding van kennis; telers sal voel hulle is deel van die finale beoordeling

- beter seleksie by opparing om daardie spesiale ring kuiken te ring;
- blootstelling van rasbeoordelaars aan interrasbeoordeling;
- Aanmoediging van rasbeoordelaars om meer sertifikate te verwerf, dws om die Senior Beoordelaarsbron te verbreed.
- Geloofwaardigheid van die stelsel sal meer aanvaarbaar wees omdat baie beoordelaars betrokke is by die uithaal van die winners;
- Dit sal lede aanmoedig om ook van die skaarser soort duive aan te skaf
- Die opveil van ringe is altyd pret, soos ondervind by wedvlugduive klubs.
- kontant in die sak vir die SASV en die teler en 'n ekstra bron van rente vir die SASV terwyl die gelde tot die volgende SA's gehou word.
- Die administrasie van hierdie stelsel is eenvoudig deurdat die rekenaarprogram aangepas kan word; slegs die beoordeling sal tyd neem, maar dit is tyd dat ons op ons SA's baie meer tyd aan die beoordeling en bespreking van duive spandeer want dit is die ideale manier (en plek) om almal se kennis maksimaal te verbreed,

hetsy beoordelaar of gewone lid. Duiwedae is nie meer die antwoord nie want dit word swak ondersteun.

Deeglike rekordhouding van hierdie ringe, maak die uitreiking van spesiale nommers of kentekens eintlik onnodig.

Groepe soos van toepassing vir 2003:

Die groepstelsel:

Elke ring kos R100, elke teler kan 'n onbeperkte getal koo. Geen ring reeds in besit mag vir hierdie doel aangewend word nie. U kan enige persoon vra om vir u 'n duif te ring, maar die ooreenkoms tussen u is privaat.

Groep A duive

- Schiatti Modena
- Birmingham Roller
- Fantail
- Mookee
- Gazzi Modena
- American Showracer
- Sjinese Uil
- Gros Mondain
- Brunner
- Duitse Skoonheidsposduif

Groep B duive

- Kartelrug
- Norwich Kropper
- Holle Kropper
- English shortface Tumble
- Capuchine
- Working Homer
- Arabiese Lagduif
- Dragoon
- King
- Hollandse Hooogvlieër
- Indian Fantail
- Lahore
- Bodemtuimelaar
- Blondinette
- Runt
- Afrikaanse Troetelduif
- Damascene



28 English C/LL/F Tumbler
29 Jacobin

Groep C duiwe

30 Helmet (Crested)
31 Polish Lynx
32 SA Botternek Tuimelaar
33 Komorner Tumbler
34 Archangel
35 Shield Cropper
36 Hollandse Kropper
37 Pigmy Pouter
38 American Giant Homer
39 Domestic Showflight
40 Non
41 Memelse Hoogvlieër
42 African Owl
43 Vienna Longface Tumbler
44 English Muffed Tumbler
45 Engelse Skouhomer
46 Engelse Trompetter
47 Strasser
48 Couchois
49 Muffed Ice Pigeon
50 SA Distance Roller
51 Satinette
52 Domestic Flying Flight
53 Carrier
54 Indianer (Duitse Barb)
55 SA Skouposduif
56 Vienna Shortface Tumbler
57 Gimpel
58 E A Sierduif Nie Genoem
59 Carneaux

Groep D duiwe

60 Egyptian Swift
61 Reverse wing Cropper
62 Ou Duitse Meeu
63 Polish Krymka
64 Magnum
65 Engelse Barb
66 Starling
67 Huppe de Soutz
68 Felegyhauzer Tumbler
69 Berlynse K/gesig Tuimelaar
70 Nuremburg Lark
71 English Giant Pouter
72 Skoorsteenvéer
73 Bokhara Trompetter
74 English C/L B/H Tumbler
75 Kaalbeen Ysduif
76 Fairy Swallow
77 Danish Suabian
78 Magpie
79 Stargard Shaker
80 Maltees
81 Pomeranian Pouter
82 Bellneck Roller
83 Hamburg Schimmel
84 American Giant Runt

85 Eng S/B Badge Muff
Tumbler
86 Silician Swallow
87 English Turbit
88 Duitse Skild Uiltjie
89 Budapester Stork Tumbler
90 Antwerp
91 Oriental Turbit
92 Ou Hollandse Meeu
93 Swiss Mondain
94 Danzig Highflyer
95 Helmet (Plainheaded)
96 Ptarmigan
97 Show Rollerand Tippler
98 Antwerp Smerle
99 Scandaroon
100 Steinheimer Bagadet

Nota deur Kobus Snyman.
Die idee van spesiale ringe met spesiale prysgelde het ontstaan by Eddie Quick. Nadat hy gedurende April 2002 met my oor die aange-

leentheid gepraat het, het ek die stelsel omskrywe en is vele menings ingewin. Die stelsel is verfyn en goedgekeur soos dit in hierdie uitgawe verskyn.

Ons vertrou dat lede wat nog nie ringe gekoop het nie, dit spoedig sal doen. Daar word verneem dat sommige duiwegroepe reeds redelike prysgelde gegeneer het. Lede sal op hoogte van sake gehou word.

Die prysgelde van die veilingringe staan reeds in die omgewing van R4000,00

Voltooi asseblief die ingeslote vraelys en pos terug aan Mnr Mnr CJ (Corrie) van Reenen, Posbus 89, Harrismith 9880. U kan hom ook skakel as u vrae het by tel 058-623 1041

Please complete the Questionnaire and send it to Mr. CJ (Corrie) van Reenen, P.O. Box 89, Harrismith 9880. If you have any questions, you may phone him - 058-623 1041



Hoewel hierdie artikel heelwat na wedvlugte verwys en dus op wedvlugduiwe afgestem is, is die fisiologiese beginsels net so geldig vir ander duiwerasse soos sierduiwe, rollers ens. Waar na wedvlugte verwys word kan net sowel skou, kompetisies ens. gelees word.

In die vorige aflewering het ons gekyk na die belangrikheid van die vere vir die duif; die verveerproses; die vorming van die veer; die noodsaaklike bestanddele; uitskakeling van interne- en eksterne parasiete en die suiwering van die hok

voorvereiste is tydens die vorming van die vere in die veerfollikel. Die proteïene wat uit die peulgewasse verkry word en wat in voldoende hoeveelhede, sê 30% van die mengsel moet verteenwoordig is van kardinale belang om die verveermengsel te balanseer.

Hier moet daar egter gewaarsku word dat 'n mengsel wat voldoende proteïene bevat maar nie 'n hoë biologiese waarde het nie 'n probleem met die stikstof balans sal ondervind. Dr. Wim Peters verduidelik die begrip in sy boek "Fit to Win". Die biologiese waarde van saad

inhoud van die onderskeie sade in die mengsel moet mekaar onderling ondersteun en aanvul. Om dus te voorkom dat 'n negatiewe stikstofbalans ontstaan moet die mengsel uit die grootste moontlike variasie van sade saamgestel word. Die insluiting van sonneblomsaad, vanweë die lisien en veselinhoud en Cardi (wit sonneblom) in die verveermengsel word sterk aanbeveel.

Daar is egter van die noodsaaklike aminosuur soos metionien, lisien en sistien, die swaël bevattende aminosure, wat uiters noodsaaklik is tydens

Die Jaarlikse verveerproses van duiwe (Die vere maak die voël)

DEEL 2

Joggie Peters - Vanderbijlpark

Die reeks het oorspronklik in SA & Wêreld Duiwenuus verskyn en word met instemming van die skrywer geplaas

voor die aanvang van die verveerseisoen; en die pigmentasie van die vere. Hierdie keer behandel ons die onderwerp van die jaarlikse verveerproses verder.

Die belangrikheid van 'n gebalanseerde dieet tydens die verveerseisoen wat ook 'n hoë biologiese waarde moet hê en bymiddels om noodsaaklike tekorte aan te vul.

Dit bring ons by die belangrike aspek van voeding tydens die verveerseisoen. Daar is sekere voedingbestanddele wat 'n

wat in die verveermengsel gebruik word, word afgelei van die verskeidenheid en konsentrasie van die noodsaaklike aminosure wat in die sade voorkom, in verhouding tot die aminosure wat deur die duif se liggaam benodig word om proteïene te vorm. Die verveermengsel moet daarom, behalwe om gebalanseer te wees wat betref proteïene, koolhidrate en vette, ook nog 'n hoë biologiese waarde hê wat betref die proteïene. Met ander woorde, die noodsaaklike aminosuur-

die verveerseisoen, en wat dikwels nie in voldoende hoeveelhede in die saadmengsels teenwoordig is nie. Die tekort moet dus met byvoegings soos Premoult Dovamoult of Breed/Moultmax aangevul word. Hierdie bymiddels voorsien ook die nodige jodium wat deur sommige as gevolg van die invloed op die skildklier, as voordelig tydens die verveerseisoen, aanbeveel word. Baie van die ander vitamïene wat tydens die verveerseisoen benodig word



vorm gewoonlik ook deel van genoemde bymiddels.

Ons gebruik die drie produkte om die beurt op Maandae, Woensdae en Vrydae. Omdat die lewer so die belangrike funksie van die aanvanklike omskakeling in die metaboliese proses verrig sorg ons dat die lewer gereeld gestimuleer word deur eenmaal per week dwarsdeur die verveerseisoen, Lewerstim in die water by te voeg.

Terug na die noodsaaklike voedingvereistes vir 'n suksesvolle verveerseisoen

Maar eers weer terug na die noodsaaklike voedingsvereistes vir 'n suksesvolle verveerseisoen. Ons het reeds in groot detail na die proteiene/aminosure in die mengsels verwys maar daarmee alleen sal ons nie die mengsel kan balanseer nie. Daar moet ook voorsiening vir vetsure in die saamgestelde mengsel gemaak word om aan die behoefte aan vitamien F (linoleïnesuur of lynoliesuur en verbindings) te voldoen deur bv. klein hoeveelhede lynsaad, raapsaad ens by die verveermengsel in te sluit. Deur gereeld tydens die verveerseisoen byvoegings soos brouergis en multivitamine te gee sal aan die behoefte om die tradisionele minerale (kalsium, fosfor en silika) en vitamien A, D3 en B6 voldoen word. Die byvoegings hierbo genoem soos Premoult en Breed/Moultmax bevat gewoonlik ook al hierdie elemente.

Tydens die verveerseisoen is dit ook van die uiterste belang dat die verskillende soorte skulpgruis tot die duiwe se beskikking gestel word. Dit is al by my 'n gewoonte om soggens 'n handjievul vars skulpgruis in die sonhokke te gooi en te sit en kyk hoe die duiwe dit oppik en geniet.

Voorbeelde van gebalanseerde verveermengsels.

Om die bespreking van voedselmengsels af te sluit kan dit dalk vir sommige van die duiweboere interessant wees om na die samestelling van twee van die vooraanstaande Belgiese firmas se verveermengsel te kyk.

Bestanddeel	Firma A	Firma B
Mielies	24%	30%
(Boer)koring	20%	13%
Gars	14%	10%
Sorghum	6%	12%
Erte (Verskillende)	27%	23%
Tares	1.5%	2%
Lynsaad	1.5%	2%
Raapsaad	1.5%	2.5%
Millet (Kanarie?)	1.5%	
Sonneblomsaad	2.5%	
Cardi (Wit Sonneblom)	3%	

Nota:- Moenie nalaat om die belangrike groenerte (Rondo) by die ertmengsel in te sluit nie. Ons gebruik ook akkerbone as deel van die ertmengsel om groter variasie te verleen.]

Albei maatskappye beveel aan dat bogenoemde mengsels aangevul word met byprodukte en bymiddels. Hulle beveel aan dat die mengsel met een of ander olie bevog word en dan van die bymiddels soos hierbo genoem daarvoor te strooi en goed te meng voordat dit aan die duiwe voorgesit word. Dit sal verseker dat die saad variasie groot genoeg is en dat die ontbrekende aminosure, minerale ens teenwoordig is om 'n hoë biologiese waarde aan die mengsel te voorsien. As u 'n kommersiële mengsel gebruik, maak net seker van die samestelling deur dit met bogenoemde te vergelyk en die nodige aanvullings tydens die verveerseisoen te maak. Onthou as die verveerseisoen verby is en die bloed uit die penskagte onttrek is, is daar niks meer wat u aan die saak kan doen nie, behalwe om vir die volgende verveerseisoen te wag. Trek vir u 'n skedule op van al die noodsaaklike aksies om te voorkom dat u daarvan vergeet.

Moet die duiwe tydens die verveerseisoen oophok geniet of gedeeltelik of permanent opgesluit word.

'n Ander aspek vir oorweging tydens die verveerseisoen is of die duiwe opgesluit of oophok gegee moet word. Tydens my navorsing in die verband kon ek nie iets hieroor in die gepubliseerde media kry nie. Navrae by ander duiweboere het aangedui dat baie van hulle die duiwe totale oophok gee na die afsluiting van die vliegseisoen tot na die verveerseisoen. Ander sluit die duiwe tydens Februarie en Maart heeltemal op en ander weer het die duiwe ook tydens



hierdie tydperk opgesluit met oophok tydens baddag eenmaal per week. Wat die rede vir hierdie verskillende optredes is kon ongelukkig nie vasgestel word nie maar ek sou raai dat die groot aantal jonges wat party van die duiweboere teel dalk hul hokke baie vol maak en dat oophok die situasie ietwat verlig. Dit mag wees dat die wat oophok praktiseer glo dat oophok 'n vrywillige oefening wat die duiwe kry voordelig is en verhoed dat hulle te vet word tydens die verveerseisoen, iets wat nie betwis kan word nie. By ander is dit 'n gewoonte om dwarsdeur die jaar oophok te bedryf wat dan deur die verveerseisoen maar net voortgesit word. Sover ek kon vasstel was daar geen noemenswaardige verskil tussen die wedvlugresultate van kampioen duiweboere ongeag of hulle oophok gehandhaaf het of nie.


Hoewel ek duidelike voordele in die oophok beginsel kan sien, is daar vir my te veel nadele aan verbonde. Die slegte gewoontes wat oophok-duiwe kan aanleer en die feit dat hulle besmette water uit geute en ander opdammings mag drink en alles en nog wat kan oppik, insluitende giftige bestanddele en plante en dikwels slakke, stem my onrustig en laat my voel ek verloor beheer. As alternatief het ons die hokke elk met 'n sonhok toegerus waartoe die duiwe elke dag tydens die verveerseisoen toegang het en waar hulle so dikwels as moontlik kan bad en die son en vars lug kan geniet, sonder die nadele van die oophok metode.

Die nadele van stres tydens die verveerseisoen.

Die laaste aspek waarna ek graag wil verwys is wat die verveerseisoen ernstig kan benadeel is stres. Volgens Dr. Colin Walker kan stres in 'n aantal onderafdelings verdeel word waarvan die volgende 'n invloed op 'n suksesvolle verveer kan uitoefen:

- hokstres
- voedingstres, en
- siekestres

Die duiweboer moet verstaan dat die hok 'n plek is waar die duiwe moet kan rus en ontspan en sonder onnodige steurnis kan gedy. So 'n hok moet 'n gesonde omgewing skep en die inwonende duiwe moet 'n gevoel van veiligheid



Joggie Pieters, skrywer van hierdie uitstekende reeks

en sekuriteit daarin ervaar. Enige faktor wat hierdie aspekte bedreig of versteur sal stres by die duiwe veroorsaak. Oorbevolking, hoë vogtigheid en/of temperature en 'n enige aspek wat die duiwe se veiligheid bedreig kan oorsake hiervan wees. Dit is veral tydens hierdie tydperk van die duiwe-jaar, net na die broeiseisoen, dat hokke neig tot oorbevolking. Die beginsel van twee duiwe per kubieke meter bly steeds geldig en moet steeds gehandhaaf word anders kan probleme tydens die verveerseisoen verwag word.

Vogtigheid hoër as 65% tydens die aandrus is 'n groot oorsaak van stres vir die duiwe. Hokke moet net soos in die vliegseisoen, droog en stofvry wees met voldoende ventilasie. Hoë vogtigheid sal aanleiding gee dat die duiwemis nie oornag vinnig genoeg uitdroog nie en dit kan aanleiding tot probleme soos E. Coli en/of koksidiöse gee. Koue op sigself is nie 'n groot probleem wat stres betref nie maar eerder klammigheid en groot temperatuur wisseling in die hok. Die verkieslike hok temperatuur moet in die omgewing van 20 grade C wees wat met nie meer as 5 grade C oor 'n 24 uur tydperk wissel nie. Dit is die ideaal maar vir die meeste van ons nie altyd haalbaar nie. Daar moet voldoende sitvakkies wees, ten minste 20% ekstra, voldoende eet- en (water) drink ruimte sodat die lewe in die hok rustig kan verloop.



Duiwe moet ook nie tydens die verveerseisoen onnodig in die hok gesteur word nie. Duiwe ervaar hantering tydens die verveerproses as pynlik. Dit moet nie moontlik wees vir katte, honde of ander gediertes soos rotte en muskiete, om die duiwe veral tydens die nagrus te verstuur nie. Die toestand van die mis in die vroeë oggend sal self die storie vertel.

Die belangrikheid van 'n gebalanseerde voedingmengsel met 'n hoë biologiese waarde is reeds beklemtoon waarsonder die duiwe voedingstres sal ervaar. Stres as gevolg van die teenwoordigheid van siekte patogene moet vermy word deur die duiwe voor die aanvang van die verveerseisoen in top gesondheid en vry van parasiete te kry en hierdie vlak regdeur die verveerseisoen te handhaaf. Asemhalingsiektes veroorsaak deur ornitose en mikoplasmose is tydens die verveerseisoen net so ongewens as tydens die vliegseisoen en kan 'n groot stresfaktor wees.

Te veel duiweboere is onder die indruk dat die siektewaak slegs tydens die wedvlugseisoen geld en dat die duiwe tydens die verveerseisoen maar self moet regkom. Moet my nie verkeerd verstaan nie, ek beveel nie medisyne programme soortgelyk aan die van die wedvlugseisoen vir die verveerseisoen aan nie. Intendeel, ek beveel aan om die duiwe tydens die verveerseisoen so min as moontlik aan medikasie bloot te stel omdat medikasie nadelig vir die verveerproses kan wees. My aanbeveling is kry die duiwe voor die verveerseisoen gesond en hou hulle gesond deur enige stres te voorkom! Om siekte toestande tydens die verveerseisoen te probeer behandel is reeds te laat en die skade sal dan reeds gedoen wees.

Die opmerklike duiweboer sal aan die vere en veredos gou kan sien as die duiwe aan enige stres tydens die verveerseisoen blootgestel was aangesien dit die vere is wat die eerste tekens van enige stres situasie sal aandui. Die vere van die duif wat aan stres blootgestel is word dof en verswak aangesien die pigmentasie as gevolg van die gebrek aan die nodige voedingstowwe vervaag. Volgens Dr. Wim Peters is die kwaliteit van die vere regstreeks verwant aan die hoeveelheid pigmentasie in die vere, 'n aspek wat ons reeds breedvoerig vroeër in die reeks aangespreek het. Die verveerproses op sigself

is vir die duiwe 'n uiters stresvolle ervaring ongeag daarvan dat dit 'n natuurlike verskynsel is omdat die proses sulke hoë eise aan die liggaam van die duif stel.

Volgens Dr. Peters in sy boek "Born to Win" is daar afgelei uit ander studies en navorsing dat die metaboliese koste van die verveerproses ongeveer 15% is..

Daar sal opgemerk word dat wanneer duiwe aan enige vorm van stres blootgestel word, die normale verveerproses vertraag word, of anders gestel, as opgemerk word dat die verveerproses nie normaal verloop nie is dit 'n duidelike teken dat daar stres teenwoordig is, die oorsake het ons reeds bespreek. Minderwaardige vere as gevolg van 'n swak verveerproses kan 'n nadelige invloed op die duif se prestasievermoë tydens die volgende wedvlugseisoen hê. Soos reeds aangedui is dit dikwels die gevolg van onvoldoende voedingstowwe tydens die verveerseisoen wat aanleiding gee tot veergerbreke wat die duif se stukrag tydens vlug beïnvloed en die duif tydens wedvlugte vertraag

Ent die duiwe verkieslik voor die aanvang van die vliegseisoen teen Pokke.

Ek sal ook aanbeveel dat u die duiwe voor die aanvang van die verveerseisoen teen pokke inent want inenting tydens die verveerseisoen kan vanweë die koors wat die duiwe in die tweede week na inenting ontwikkel, nadelig op die verveerproses inwerk. In alle geval moet daar nie na die middel van Februarie geënt word nie.


Dit bring ons by die einde van die reeks oor die jaarlikse verveerproses - groete van hok tot hok.

Red: Dankie Joggie.


**Koop u spesiale R100-ring
voor 31 Oktober - lees
bladsy 10**

**Buy your special R100-ring
before 31 October - read
page 10**





DOVA



DUIWE MEDISYNE EN BYVOEDINGS

Ons voorsien al vir 18 jaar lank uitmuntende produkte aan duiweboere. U kan gerus die volgende oorweeg in u aankoopbesluite.

Ons is trots op ons lae pryse. Vra ons om 'n pryslys en vergelyk ons pryse. Ons het daarin geslaag om ons gemiddelde jaarlikse prysverhogings die afgelope 18 jaar met minder as 3% p.j. te beperk. Dit maak van Dova u betroubare ekonomiese alternatief vir die daarstelling en behoud van gesondheid in u duiwehok. Die duiwesport kan nou weer bekostigbaar word.

Die kwaliteit van ons produkte is gewaarborg. Die vervaardiging van Dova produkte word waargeneem deur vervaardiger aptekers in laboratoria waarin hulle ook produkte vir menslike gebruik maak. Van ons voorste leweransiers van duiwemedisyne maak gebruik van hierdie selfde vervaardigers.

Dova gebruikers presteer. Van die bekendste presteerders in die land, beide sier- en vliegduiwe, gebruik Dova produkte. Deur Dova te gebruik, is u in die beste geselskap.

Ons maak die voorkoming van siektes maklik. Die Dova program is 'n logiese en eenvoudige program waarmee u u trop die hele jaar lank kan gesond hou. Vra ons vir gratis boekies vir u en u klub waarin die bekostigbare program uiteengesit word.

U kan Dova produkte by u handelaar kry. Alternatiewelik, kan u dit direk van ons bestel of ons besoek (skakel vir roete) by:

Cunningham laan 1179, Waverley, Pretoria

Per pos: Posbus 27 608, Sunnyside 0132

Tel & Faks 012-332-1497

E-pos: gustav_barnard@freemail.absa.co.za



Tydens die UK vergadering op Bethlehem is daar besluit dat alle U.K lede en streekverteenwoordigers voortaan met elke uitgawe van die Sierduif verslag moet doen oor spesifieke aangeleenthede. Al lede wat hieraan voldoen het, se briewe verskyn in hierdie uitgawe.

Vanaf die lessenaar van die Nasionale President:

Bemaking/Uitbouing van die SASV

Na aanleiding van 'n werksdokument wat tydens die seminaar breedvoerig bespreek is op die afgelope Kampioenskapskou, is daar nou take toegevoeg tot elke U.K.-lid, asook elke streekverteenwoordiger en Spesialiteitsklubs se besture.

Indien u die volledige dokument wil bekom, kontak asseblief u Streekverteenwoordiger of Mnr Corrie van Reenen, ons Nasionale Vise-President vir die detail. Dit is belangrik dat elke lid van die SASV betrokke moet raak in die uitbou van die vereniging.

Ek wil 'n versoek rig aan elke lid wat op sy terrein betrokke is in bemaking om met my kontak te maak. Ons benodig kundige persone in bemaking wat kontakte het in die pers, radio en TV om 'n forum te vorm wat as adviesraad kan dien waar nodig.

Hiermee wil ek nie die gewone lid se idees ignoreer nie, u moet nog steeds u insette lewer in die streek waar u woon; daar is niemand beter dan uself wat u omgewing ken en sal weet wat pas waar nie.

Lede moet asseblief seker maak om hierdie jaar hulle streek se AJV by te woon want dit sal die plek wees waar dinge gaan realiseer. Kom ons vat hande

dwarsdeur die land en Vereniging en maak saam 'n reuse verskil aan ons ledetal asook die sigbaarheid van ons sport.

Laastens, my ernstige, dog

vriendelike beroep op elke U.K.-lid (Dagbestuur en Streekverteenwoordigers) om tog asseblief u werksdokument deeglik te bestudeer en daarvolgens te handel. Dit is werklik ons plig en ons behoort dit nie te versuim nie.

Wynand Wessels, Nasionale President

Vanaf die lessenaar van die Redakteur

Reklame en uitbouing van SASV is 'n saak van erns

Dit is deur die U.K. aan my opgedra om benewens die uitgee van ons tydskrif, nog die volgende bykomend te doen:

Artikelreeks in Avizandum

Die eerste aflewering het reeds verskyn en die tweede sal in September verskyn. Daarna sal daar elke tweede maand een geplaas word. Vir die wat dit nog nie weet nie, koop gerus die Avizandum. Daar is ook pragtige kleurfotos in.

'n **Artikel oor ons Kampioenskap-skou is reeds deur my saamgestel en saam met sowat 20 fotos aan die Landbouweekblad verskaf. Dit sal binnekort verskyn.** Dan is ek en Hugo

Lochner, Redakteur: Artikels van die LBW tans besig om iets uit te werk om 'n reeks oor die verskillende rasse te plaas. Ek sal binnekort weet of hulle dit gaan aanvaar en plaas - u sal op die hoogte gehou word.

Derdens is dit my taak om die Webbladsy uit te brei.

Kyk maar gerus wat daar aan die gang is. Ons Webbladsy is al 'n volle 20 x A4 bladsye lank. Tans word sowat 60 fotos bygewerk deur ons Web Server - die fotos is reeds by hulle. Binnekort, so het



oorsese duiweboere laat weet, gaan ons werklik 'n voorbeeld vir baie lande wees.

Dit is ook my taak om **reklame materiaal vir streke** saam te stel. Wel, ek het reeds 5 voorbeelde van plakate, maar niemand, behalwe ons Nasionale President, het nog iets aangevra of van hulle laat hoor nie. **Is daar verniet planne gemaak om die SASV beter te bemark?**

Dit was ook my en Corrie se taak om die vraelys saam te stel wat u saam met hierdie uitgawe sal bereik. U moet dit asseblief voltooi en terugstuur aan Corrie van Reenen, Posbus 89, Harrismith 9880. Die vraelys is in Engels en Afrikaans beskikbaar en as u per abuis een met 'n

verkeerde taal ontvang, laat gerus weet. Daar word 'n beroep op elke lid gedoen om asseblief die vraelys voor einde September aan Corrie te pos. Hy moet alles verwerk en sal aarzelings aan die U.K. doen. Or wat u as lid voel, nie reg is nie en wat ons behoort te doen. Die van u wat reeds een tydens die seminaar voltooi het, hoef nie weer een te pos nie. **Hoe gaan ons lede hierop reageer? Ons vertrou almal sal.**

Ek vertrou ook dat Streekvertegenwoordigers binnekort hul Reklame materiaal sal bestel sodat ons aan die gang kan kom.

Met vriendelike groete.

Kobus Snyman

nie en aanhouer wen.

Wat kan ek vir die klompie Oos-Vrystaters sê behalwe - baie, baie dankie vir 'n wonderlike skou, skitterende organisasie en al julle harde werk!

Ek verstout my om te sê dat hierdie afgelope skou (in geheel) nie sommer gou oortref sal word nie. Die paar hakplekke wat daar wel was, gebeur maar wanneer 'n mens vir die eerste keer so 'n groot skou aanbied. Alhoewel die menslike faktor maar altyd 'n rol speel, kan ons nie almal dieselfde dink, voel en reageer nie. Julle het skitterend in julle doel geslaag om hierdie skou vlot te laat verloop en 'n onvergeetlike geleentheid te maak. Ons salueer julle!

Watter wonderlike ervaring was dit om weer 'n slag koshuiskind te kon wees. Piet, Susan, Johnny, Okkie en julle personeel - baie, baie dankie vir al die bederf, vriendelikheid en ag, sommer alles wat julle vir die "kinders" gedoen en beteken het. Ons sal dit nie gou vergeet nie!

Dan wil ek ook graag 'n groot dankie sê vir al ons borge en ook aan elkeen wat 'n bydrae tot die sukses van hierdie skou gelewer het, op watter wyse ook al betrokke was - baie dankie.

'n Paar gedagtes rondom die aanbied van die SA's

Vanaf die lessenaar van die Vise-President Diefstal van duiwe en vraelys deur Corrie van Reenen (Nasionale Vise-President)

Nog 'n kampioenskapskou het gekom en gegaan, en wat 'n wonderlike ondervinding was dit nie: vir die Oos-Vrystaters wat vir die eerste keer 'n SA's aangebied het, vir hulle wat vir die eerste keer 'n SA's bygewoon het, vir hulle wat vir die eerste keer 'n raskampioen vertoon het en vir al die nuuskieriges wat hulle verkyk het aan al die duiwe.

Aan al ons lede 'n groot dankie vir julle wonderlike gedrag gedurende die skou. Aan al die vertoners wat baie kilometers moes aflê asook aan die wat nie so ver moes reis nie, baie dankie. Sonder julle ondersteuning kon daar geen skou wees nie. Aan die beoordelaars en helpers:

mense julle verrig 'n wonderlike taak ten spyte van die ongevraagde kritiek wat julle soms moet verduur. Aan die wenners - dis net volgehoue harde werk en toewyding wat resultate lewer, welgedaan! Aan die vertoners wat nie so suksesvol was nie - onthou, Rome is nie in een dag gebou



deurgegee van persone wat volgens die bestaande kriteria kwalifiseer en dan is daar in die SBK gestem om te besluit of die persoon aangestel sal word as Senior beoordelaar of nie. Die Senior Beoordelaars het dan die volgende besluit aan die Beoordelaarsforum, UK en lede AJV voorgelê wat so aanvaar is nl. dat die Senior Beoordelaars deur die jaar 'n persoon of persone sal identifiseer en die naam/name sal deurgee aan die Nasionale Beoordelaarsbe-ampte om na te gaan of so 'n persoon kwalifiseer volgens die kriteria om aangestel te word as Senior Beoordelaar.

Christo Munnik

Sponsduifdag

'n Sponsduif opleiding - en inligtingsdag word D.V. beplan vir Saterdag 1 Februarie 2003 te Bothaville onder leiding van die S.A.Sponsduifklub. Alle belangstellendes is hartlik welkom om die dag by te woon. Volledige besonderhede sal later in "Die Sierduif" asook per omsendskrywe aan lede deurgegee word.

Groete.

Ds Hennie Hattingh

Sekretaris S.A. Sponsduifklub

Onderneming deur Uitvoerende Komiteelede

1. Nasionale President

Oorhoofs

Beplanning, organisering, leidinggewing en kontrole oor die oorhoofse bemarkingstrategie, bemarkingstake van **U.K.-lede** en die maak van aanpassings in die bemarkingsstrategie, indien nodig en optrede indien opdragte en D-datums nie gehaal word nie..

Uitvoerend

(1) Oorhoofse skakeling met regeringsinstansies, radionetwerke en TV -stasies om goedgesindheid te bekom om die weg te baan vir optrede **deur uitvoerende komitee dagbestuurslede** aan wie die detail van hierdie spesifieke take toegewys is.

(2) Lewer tweemaandelikse

bydraes aan die Nuusbrief vanuit die hoek van President mbt bemarking.

Behalwe vir bostaande het die Nasionale President geen ander spesifieke take in hierdie verband nie.

2. Nasionale Vise-President

Oorhoofs:

Beplanning, organisering, leidinggewing en kontrole oor (1) die uitvoering van die bemarkingstrategie wat aan **Streekverteenwoordigers** toegewys is, (2) die maak van aanpassings in die bemarkingsstrategie van streke, indien nodig. (4) Optrede indien opdragte en D-datums nie gehaal word nie.

(5) Om saam met die Nasionale President en Sekretaris skakeling met

regeringsinstansies, radionetwerke en TV -stasies te onderneem om goedgesindheid te bekom om die weg te baan en deurvoering hiervan na Streek-verteenwoordigers aan wie die detail van hierdie spesifieke take toegewys is.

Uitvoerend:

(1). Kontak Sentrale Jeugskou-organiseerders, verkry samewerking en gee opdragte in hierdie verband aan elke streekverteen-woordiger om betrokke te wees by jeugskou(e) in sy/haar streek.

(2) Sien toe dat die standaard-vraelys deur Streekverteenwoordigers aan lede (ad random) en lede wat uit die stokperdjie tree (almal), uitgestuur, terug ontvang en aan hom deurgestuur word; ontleed hierdie vraelyste; bepaal prioriteite en knelpunte,



maak gevolgtrekkings en doen aanbevelings aan die U.K.

(3) Help Streekverteenwoordigers tov die saamstel van inligtingspakkette/reklame-materiaal wat in streke op strategiese plekke gelaat moet word; asook tydens streekskoue sigbaar in die skousaal vertoon moet word. (Sentralisasie van uitgawes tov druk- of fotostaatwerk moet bewerk-stellig word - byv. by Redakteur)

(4) Ontvang ses-maande-likes skriftelike verslae van streekverteenwoordigers oor reklame en stel 'n samevattende verslag saam vir elke UK vergadering, insluitende sy eie take.

(5) sien toe dat Streekverteenwoordigers aandag gee aan ledelyste wat gedurende Februarie/Maart vanaf die Ringmeester ontvang word en dat nuwe lede, soos tweemaandelike in die Sierduif aangekondig besoek/gekontak word.

(6) Lewer tweemaandeliks 'n bydrae aan die Nuusbrief tov bemarkingstake.

(7) Doen dmv die Sierduif verslag aan lede oor besluite van elke UK-vergadering betreffende Reklame en Maatreëls getref om 'Wegkwyning teen te werk.

(8) Stel Reklame begroting van homself en streekverteenwoordigers op vir voorlegging.

3. Nasionale Sekretaris

(1) Om saam met die Nasionale - en Vise-President skakeling met regerings-instansies, radionetwerke en TV-stasies te onderneem om goedgesindheid

te bekom om die weg te baan en deurvoering hiervan na U.K. en Streek-verteenwoordigers aan wie die detail van hierdie spesifieke take toegewys is.

(2) Om, benewens die normale punte op die agenda van U.K. vergaderings, 'n afsonderlike en staande punt op die agenda vir "Reklame/Wegkwyning van lede" te plaas sodat (1) die Nasionale Vise-President en Streekverteenwoordigers se verslae behandel kan word, en (2) ander U.K.-lede vorderings-verslae, ook in hierdie verband, kan voorlê.

(3) Verslagdoening in punt (2) hierbo, moet skriftelik wees en die Nasionale Sekretaris bereik voor die aanvang van elke vergadering.

4. Nasionale Tesourier

(1) Stel begroting op vir Reklame na-aanleiding van aksieplanne van U.K.-dagbestuurslede en Streekverteenwoordigers, wat via die President en Vise-President voorgelê moet word.

(2) Kontroleer en hanteer eise binne die begroting.

(3) Hanteer rekenings vir advertensies in tydskrifte/koerante en pleeg oorleg met Redakteur oor die inhoud van advertensies sover dit die haalbare koste-aspek betref.

(4) Evalueer jaarliks saam met Ringmeester en Redakteur die trefkrag van Advertensies.

(5) Staan aan die spits van die werwing van prysborge deur streke waar die Sentrale Liggaam van SASV in die gedrang kom.

(6) Verslag aan U.K. oor

Vanaf die Ringmeester

Lede kan gelde direk in die Bankrekening inbetaal, naamlik: Standard Bank, Bellville
Rek: 272 692 794
Takkode 031 210 40 of IBT 0410
Indien u dit doen, skryf u Lidnommer op die depositostrokie en faks dit deur na die Ringmeester. Aub u lidnommer, dit is belangrik.

Adresverandering moet aan die Ringmeester gestuur word, nie aan die Redakteur nie, met vermelding van u lidnommer.

U moet niks doen sonder om u lidnommer ook te meld nie.
ASSEBLIEF !!!

Spoedpos om u ringe by u te kry, kos R25.



begrotingsbesteding tov Reklame.

5. Nasionale Ringmeester

(1) Ontvang en versend inligtingspakkette aan nuwe lede by aansluiting of op navraag.

(2) Beantwoording van alle navrae wat uit die bemerkingsaksie na die pos gekanaliseer word en wat met die pos se spesifisering verband hou; alle ander navrae in streekverband, of wat aan ander poste toegewys is, word na die regte persoon verwys.

(3) Versend ledelyste gedurende Febr/Maart een elk aan die streekverteenwoordiger en streeksekretaris tov elke streek sodat hulle kan vasstel watter lede nog nie ledegelde henu het nie; 'n volledige lys van alle streke word aan die Nasionale Vise-President voorsien ten einde sy kommunikasie met streke te vergemaklik.

(4) Versend alle nuwe lede se name, adresse en kontaknommers tweemaandeliks aan Redakteur vir plasing en verwelkoming in Nuusbrief en dat Streekverteenwoordigers van hulle kan kennisneem en kontak maak.

6. Nasionale Redakteur

(1) Stel Reklame Bulletins saam.

(2) Stel Reklame materiaal vir die SASV saam uit inligting/voorstelle ontvang vanaf die Nasionale President, Vise-President en Sekretaris.

(3) Lewer artikels vir plasing in

tydskrifte en koerante.

(4) Hanteer en bou Webtuise van die SASV uit.

(NB: Enige vergoeding wat uit die lewering van tydskrif-artikels mag of kan ontstaan, sal geag privaat te wees.)

7. Nasionale Beoordelaarsbeampste

(1) Die opstel van 'n brosjure oor (a) hoe standarde van duive gestalte kry en waarom; (b) hoe dit gebeur dat standarde hersien word; (c) hoe en waarom duive beoordeel word, (d) hoe enige lid 'n beoordelaar kan word en deur die range kan vorder, ens.

(2) Implementeer 'n stelsel van 'n spesiale en unieke ring teen RX vir duive wat jaarliks op die SA's om spesiale kontantpryse sal meeding en hoe beoordeling sal plaasvind.

8. Streekverteenwoordigers

As beoordelaar verbind ek my tot **navorsing** van internasionale rasstandarde en die **ontwikkeling** van RSA standard sodat die SASV internasionaal kan meeding.

(Nuwe beoordelaars wat kwalifiseer en by aanstelling as senior beoordelaar, kan tydens die jaarlikse GALA aand van die SA's ingesweer word waarna hy/sy die gedragskode van die beoordelaar teken).

DEEL 3: GEDRAGSKODE: VERTONER

Hiermee verklaar ek as vertoner dat ek myself **onberispelik sal gedra** tydens alle skoue van die SASV teenoor my mede vertoners, die publiek en beoordelaars.

Ek sal goeie **sportmangees** openbaar en die beslissing van die beoordelaars nie veroordeel of in twyfel trek nie. Ek sal geensins die beoordelaar beïnvloed om my eie duiwe te bevoordeel nie.

Ek onderneem om in die gees van die sierduifsport vreedzaam met mede lede van die SASV, die **sierduif** te bevorder en my as lid van die publiek waar die SASV tesprake kom, **onberispelik en voorbeeldig** te gedra.

Ek onderneem om **eerlik te wees** met my deelname aan 'n skou en sal meehelp om my verpligtinge tydens 'n skou na te kom. Ek sal nie 'n passasier wees tydens die aanbieding van my eie streek se skou nie.



DEEL 4: DISSIPLINÊRE OPTREDE:

Ek besef dat indien ek myself skuldig maak aan onbehoorlike wangedrag / oortreding van die gedragskode, die SASV toepaslike dissiplinêre optrede teen my as volg kan neem:

- a.) Skorsing as lid van die SASV, tydelik of permanent.
- b.) Berisping deur 'n dissiplinêre

komitee.

c.) Verbeuring van krediet vir 10, 20 en 30 jaar toekennings.

d.) Afgradering / ontnem van status as beoordelaar.

e.) Ontheffing uit enige pos wat ek mag beklee.

f.) Boete oplegging.

HANDTEKENING:

Dust - From page 32

windows which are never entirely closed even during the winter. On the East, South and West walls close to the ceilings, are 2 inch ventilating holes, covered on the outside with fine screen and on the inside with pieces of aluminium in slots for adjusting. These arrangements provide excellent ventilation. My floors are never damp due to the ventilation, the construction of the floors and the height of the coop off the ground. The floor boards should be nailed as tight as possible or use tongue and groove lumber or rough lumber. Next, a good coat of thick tar, water proofing covered by felt tar paper and finally the finished floor should be laid in the opposite direction, crosswise. The coop should be at least 1 foot off the ground and open on the South side so that the air can circulate under the coop and the cats can get under to keep the rats and mice away.

Nuus uit SWD

Ek word nou oud

deur Oom Attie van Greunen

Met die broeiseisoen nou reeds ver gevorder, kan ons hier in die Suid Kaap nog nie veel wys nie, maar die wat daar is, is goeie kwaliteit soos dit blyk.

Wat die Ou Engelse Kortgesigte betref, het ons al 'n paar baie mooi jonges wat rondloop, baie mooi kopstukke, want, kyk, die Kampioenskapskou kom Oudsthoorn toe, en ons wil wys dis nie net die plek van die volstruis nie maar ook die plek van die Ou Engelse Kortgesigte.

Die Indiese Waaiersterkte het baie goed gebroei, en daar is 'n paar mooi jong duiwe van skougehalte, en ek hoop dat hulle mooi sal ontwikkel.

Ek kom nou al 'n baie lang pad met die stokperdjie, en as dit one Here se wil is, wil ek met die kampioenskapskou ophou. Ek sal nog aanbly as lid, maar wil al die duiwe verkoop, behalwe 'n paar Rollers.

Dit is maar 'n hartseer storie, maar die ouderdom haal my nou in! Ek het baie vriende gemaak, baie skoue bygewoon... mooi herinneringe wat my altyd sal bybly.

Baie dankie aan al die vriende wat ek op die lang pad gemaak het vir al julle hulp en bystand. Wat 'n wonderlike voorreg was dit nie om al die jare lid te wees van die SASV nie.

Red: So val die groot bome en die jonges groei so stadig.

*D-datum
vir
Kampioenskapskou
gegewens
is
15 Januarie 2003*

Adresveranderings moet aan die Ringmeester gestuur word, nie aan die Redakteur nie, met vermelding van u lidnommer.



Modenas in Australia

by Donald Selth

Shows

Australia is a Federation of six States, and the four most populous States have a Modena club, each with between 30 and 50 members, although some fanciers are members of more than one club. Each club holds an annual show and two of the clubs hold a second show each year. As a result, there are six Modena specialty shows in Australia every year, all in the period April-July, with a total of about 1200 entries in these shows.

Unfortunately, Australia is such a big country that the distances between the State capitals, and between the shows of the different clubs, prevent all except very few fanciers from competing in shows outside their own State. Perth, the capital city of the State of Western Australia, is 2750 kilometres from Adelaide, the capital of the neighbouring State (South Australia) and Adelaide in turn is 2450k. from Ipswich in Queensland where the 2002 National Show was held. As a result, the National Show conducted by the Australian National Pigeon Association, never brings together our best fanciers and often only attracts about 100-120 Modenas, most of which are

entered by fanciers in the State where the National Show is held.

Most Modena breeders also exhibit in all-breeds shows, where the Modena section is usually the biggest section, usually with about 100 entries. Some of these shows have such strong Modena sections that exhibitors regard success in these shows as more pleasing than success in a National Show, but not ranking with success in a specialty Modena Show of one of the State clubs.

The Modena clubs of Queensland, South Australia and New South Wales were all formed in the period 1969-1980, and the Victorian Modena Club in 1998.

Successful Exhibitors

For reasons Modena breeders can't understand, ANPA doesn't recognise a Champion Modena in the National Show, but merely a Champion Gazzi and Champion Schietti. The owners of the Champion Gazzi in the last three years have been myself in 2000 and David Lewis (South Australia) in 2001 and 2002. The Champion Schietti have been owned by Barry Shepherd (New South

I was fortunate to make contact with Don Selth through the internet, Together with Modena breeders in various countries and Tim Taylor, Web Master of the NMC we have stage an International Exposting of Winning Modenas on the Web Site of the NMC of America. These winning Modenas will hopefully bring the Modena breeders in various countries closer together and help us in getting to a more uniform standard of the Modena world wide. South Africa participate in this venture in a leading role and some of our winning modenas can be seen on the NMC Web Page. Regards, Kobus Snyman

Wales), Russell Atthowe (Western Australia) and John Hanson (New South Wales). The annual show of the Modena Club of South Australia is the biggest and best of the six Modena Club shows in Australia and Peter Kelcey (Victoria) has exhibited the Champion Modena in that show in each of the last three years - a remarkable achievement in a show that regularly attracts 400 entries. Another outstanding breeder is Doug Abbott (South Australia) who enjoys breeding more than he enjoys showing, and who therefore rarely appears in lists of champions, but who has contributed generously to the studs of breeders who do win championships. Paul Evison (New South Wales), John



Doman (Queensland and Jim Davidson (Victoria) are other breeders who are consistently among the winners at their shows. Unfortunately, for some of the reasons mentioned above, Peter, Doug, Paul, John and Jim don't enter their birds in National Shows, and those of us who do win Champion Schietti or Champion Gazzi in the National Show would never claim to be the best breeders in Australia.

National Modena Club

For a few years we had a National Modena Club, but distance meant regular contact was difficult. In addition, ANPA insisted that only birds rung with an ANPA ring could be entered in National Shows which caused further problems, and NMC regrettably no longer exists.

Standard

The four State clubs and ANPA have all accepted the United States Standard for Modenas. It was inevitable, really. Virtually all Modenas in Australia today are either imports from North America or birds bred from these imports. To breed birds according to one Standard and then to judge them at shows against another Standard would not have been sensible.

Colours

Because Australia is an island we are thankfully free of many of the diseases that affect plants, animals and birds in other countries and until 1990 our quarantine regulations pre-

vented any imports for fear of importing diseases with them. However, from that date the importation of pigeons has been possible, but only from Canada and England and only under very strict controls which incidentally have caused the cost of importing birds to be higher than some fanciers can afford. The first birds that arrived were black and bronze schietti and, because they were far better than our old-style pigeons, most breeders tried to acquire the progeny of these imports and disposed of the birds they had previously. Thus blacks and bronzes are the most common colours in Australia to-

day. Dilutes are very uncommon and birds of the brown family are not often seen in our shows, but gradually the other colours are re-appearing. Schietti are more common than gazzi in the ratio of about 2-1.

Judges

Most judges at our shows are fanciers from the State in which the show is being held or, if the host club can assist with the cost of travelling long distances, from a neighbouring State. The only international judge we have had has been the great Carl Ewert (USA) who has judged one of our National Shows and several shows of the Modena Society of New South Wales.



National Champion of NSW, bred and exhibited by David Lewis




Australia




Best Sulpher Tri Gazzi
exhibited by David Lewis

From South Africa




Best Yellow
Schietti Hen
at the SA
Champion-
ship Show
2002, bred
and owned by
Gerhard van
Beek




Best Black
Schietti and
Best Open
Schietti SA
Championship
Show, bred and
owned by
Kobus Snyman

From England



Best Schietti and Best
Young Modena Russet tri
cock 02C1945 bred and
owned by Peter Graham




Best Gazzi Silver dun
bred and owned by
David Iddon

Sunday 22nd September 2002, National Modena Young Bird Show in Lincoln, U.K. There were 49 gazzis and 177 schiettis. Section Judges Pat Pratt, Robin Pratt, David Iddon. Best Young Modena judge Ron Goodenough - Modena Club president - Submitted by John Ross, England

Modenas already on the Web Page for for- eign Winning Modenas

National
Champion
of NSW,
bred and
exhibited
by David
Lewis



Show Pigeons for sale

*SA Toys: Self Black and Black Grizzle - R50 pp
Holle Croppers - From imported Stock for Germany.*

Various Colours - R75 pp or R50 each


Good Dutch Croppers: Black/White pids - R75 pp or R50 each

Well Bred - Racing Homers - White/Black - R25 pp.

Good quality Breeding Stock

Tel 033-330 6812 / Cell 083-235 4379

Johnny Bland, Horwick



CHAMPION

- * NEW TYRES
- * RETREADS
- * EXHAUSTS



STILFONTEIN

Cnr Hartebeesfontein & Roos Street. Tel 018 484-1719

BOTHAVILLE

President Street Tel 056 515-3135

POTCHEFSTROOM

Tel 018 293-2827



TRY OUR FAST AND FRIENDLY SERVICE

Ons Nasionale President, Mnr Wynand Wessels het hierdie advertensie vir 1 jaar gewerf



Individuele reklame en borgskappe deur Jan Lombard

Ons lees deesdae baie oor reklame en wat ons alles moet doen om die voortbestaan van ons stokperdjie te verseker. Ek sal graag ook my straaltjie wil by piepie.

Tydens die afgelope SA's het ek 'n paar Toyota handelaars gekry as borge. My doelwit was drieledig. Die mees ooglopende doelwit was om geld in te samel vir my streek wat groot kostes aangegaan het om die skou aan te bied. My tweede doelwit was om die produk en handelsmerk van my werkgewer te bevorder – hulle betaal immers my salaris, wat my o.a. instaat stel om ook my stokperdjie te beoefen. My derde doelwit is heelwat minder ooglopend – om die sierduifsport te bevorder. Vir baie mag dit lyk of die derde doelwit nie met die eerste twee versoenbaar is nie, maar lees gerus verder.

Die meeste groot maatskappye het personeeltydskrifte asook tydskrifte wat hulle onder hulle handelaars en/of klante versprei. Die redakteurs sukkel baie maal om dit vol te kry met interessante artikels. So het ons 'n twee-maandelikse personeeltydskrif genaam "Toyota Today", wat onder al ons personeel versprei word. Ek het daarin geslaag om 'n kort artikel hierin gepubliseer te kry waarin inligting oor die skou en ons stokperdjie verskyn het. Ons ander tydskrif "Toyota News" word onder ons handelaarsnetwerk versprei. Hierdie tydskrif is gewoonlik beskikbaar in die klante sitkamers by al die Toyota handelaars. My invalshoek hier was om reklame te maak vir die 4 handelaarskappe wat die skou geborg het. In die proses het die SASV ook reklame verkry. Alle toekomstige Toyota klante wat vir die volgende jaar of twee in hierdie ontspannings-areas tyd deurbring en deur die tydskrif blaai, sal aan ons sport blootbestel word.

Die mooi van die verhaal is dat hierdie reklame nie vir my of die SASV 'n enkele sent gekos het nie. In teendeel ons het geld daaruit gemaak, wat bygedra het tot 'n uitstekende Kampioenskapskou.

Dit is deesdae baie moeilik om borge te kry. Alle sake-ondernemings se winsgrense is onder druk en hulle gee bloot net nie meer geld weg nie. Soos hulle dit stel: Hulle soek myle vir hulle geld. 'n Goeie idee is om 'n borg te kry vir bv. jou streek se sertifikaat. Ontwerp die sertifikaat in samewerking met die borg en sien toe dat sy onderneming se naam en kontakbesonderhede sowel as logo duidelik op die sertifikaat verskyn. Hokkaarte is 'n ander medium wat benut kan word. Kry

Agri Landbouskou te Oudtshoorn

deur Gerda van Greunen

Die jaarlikse Agri Landbouskou gehou op die 10, 11 en 12de Oktober was een van die beste skoue nog ooit gehou op Oudtshoorn wat gehalte betref, asook wat betref die gehalte van die pluimveë soos maar andere, die hoenders en sierduiwe.

Daar was omtrent 200 duiwe inskryf wat 21 soorte insluit. Die kwaliteit was besonder goed.

As beoordelaars het opgetree:

Attie van Greunen, Pieter Neethling, JC Barnard en Arthur Muller.

Die beste duif op skou was 'n Gros Mondain van Pieter Neethling.

Die beste teenoorge-stelde geslag was 'n Jakobyn van Johan Viviers.

Beste Junior inskrywing

was 'n American Giant van Pieter Zwiegelaaar.

Die hoenders en duiwe lok altyd groot belangstelling by die publiek, en daar is altyd baie navrae by die publiek in verband met die duiwe. Op die manier adverteer ons die sierduif, en prikkel die belangstelling by mense wat eintlik baie min kennis het betreffende sierduiwe.

So sorg ons dan ook dat ons tussen die hokke beweeg om die publiek se vrae te beantwoord.

Dit is en bly 'n wonderlike en bevredigende stokperdjie.



vier oponerende besighede om onderskeidelik die hokkaarte vir jong mannetjies, jong wyfies, ou mannetjies en ou wyfies te borg. Met 'n klein borgskap van sê R 300 kan 'n streek 'n groot aantal hokkaarte druk – 4 per A4 vel. 'n Ander idee is om 'n borg te kry vir jou streek se banier.

Laat die borg daarvoor betaal en sit sy naam en logo daarop. Die streek kan selfs 'n bietjie geld maak in die proses, en eindig met 'n banier wat hulle niks kos nie en in die toekoms vir reklame gebruik kan word.

Short notes on the **DRAGOON** by WYNAND WESSELS

Origin:

The dragoon is entirely an English breed and was acknowledged as a pure breed in 1735. In 1886 the first Dragoon Club was initiated by Messrs SP Page and R Woods. Mr WB Egetmeier, a leading breeder, was elected as the first president. One of the best books ever published on Dragoons was "A Treatise of the Dragoon Pigeon" by CH Tattersall and SF Butterworth on the 24th of September 1908.

The Dragoon is a bird of triangles. The beak, wattle and head form a triangle when viewed in profile as well as from the top.

The neck forms a triangle between the head and shoulder in profile as well as from the front or rear view.

The body shows a triangle in profile as well as from the top, broad across the flat shoulders to a narrow pelvis with good back covering.

The triangles are also called "wedge shapes" in the written standard that was adopted world-wide in 1908, still valid to this day.

A unique property of the Dragoon is the "Damsion" or dark purple eye cere colour in blue bar, blue check, grizzle, red check and red ar (mealy).

Then there is the powerful beak which is blunt; the upper and lower beak being of even size, equal length and of equal strength. In general appearance it looks like a soft-nosed .45 bullet. The beak should be carried parallel to the ground at all times.

All these properties give the Dragoon a finish which entitles it to rank as a high class pigeon. It is therefore difficult to produce a well balanced bird with no excessiveness in any department every time.

NAK SMIT - HOOGTE VAN DIE GROS KWEL

Nadat André Botha en Tinus Cocklin vir my prentjies gestuur het van die Franse Gros standaard het ek vergrotings laat maak en die vergrotings het getoon die hoogte is 29.5 en lengte dieselfde, m.a.w. die duif, indien op standaard, pas in 'n vierkant.

Ek het die vergrotings na die duiwedag op Gobabis geneem en in die skouhokkies agter die Grosse geplaas. Groot was ons verbasing dat die meeste Grosse is tussen 22 en 25 cm hoog. Soos iemand terloops opgemerk het, hulle sal nog heelwat moet groei.

Die standaard sê uitdruklik 30 cm. Ek twyfel of daar 'n Gros in Suid-Afrika of Namibië is wat 30 cm of hoër is.

Die afleiding wat ek gemaak het, is as volg:

- 1.) 'n Gros moet groot wees, so na as moontlik aan 30 cm en nie 22 cm nie.
 - 2.) Deur teling en baie streng seleksie, sal ons die Grosse moet vergroot, anders sal ons later mossies skou wat goeie Grosse is.
 - 3.) Teelpare sal minstens 25 cm en groter moet wees. My grootste wyfie is 25 cm.
 - 4.) Deur seleksie en teling gaan ek my Grosse in 2002 / 2003 vergroot en van al die ondermaat duiwe ontslae raak.
- Deur middel van buisligte in my hokke, het ek die teelseisoen met vier maande verleng. My eerste Gros kuiken is reeds op 3 Augustus gespeen en staan reeds 25 cm hoog.
- Ek sou graag wou hoor wat al die Gros telers



se reaksie is, want ons moet seker die duif volgens die standaard teel en nie andersom nie om sodoende die ras te bevorder.

THE PIGEON AND THE DUST

- submitted by Piet Brouwer

Ek wil graag hierdie artikel met die Sierduiflede deel. Dit kom uit die ou American Pigeon Journal en is geskryf deur James D Carter

"Every so often, someone makes a blanket statement, unproven but pigeon causes allergy, disease and even death. I refer to an article by mr Chenault appearing in the July 1972 issue of the American Pigeon Journal. Now I am not going out on a limb by saying this incident is impossible. Anything is possible, if, the dropping came from a diseased pigeon and stayed alive in dust and severe cold. I would like to ask mr Chenault if he ever had an allergy due to pigeon dust, previous to 1967, when he returned to the hobby.

In one of the long island papers, there appeared an article on how dangerous pigeon dust was. The author of the article claimed that dust from a pigeon coop blew into the window where a young boy was sleeping, a block away and as a result the boy died. "Pigeon dust all?"

Pigeons have been my hobby most of my 71 years and I have never had an allergy from pigeon dust or any allergy causing substances. I belong to the Nassua Suffolk Pigeon Fancier with a membership of 100 men and women. A survey was taken as to each member's age and the number he had kept pigeons. The average age was 44 and the average number of years keeping pigeons was 39 years. To make the mystery of pigeon dust more mysterious, not one of the NSC members has or has ever had an allergy to "pigeon dust".

In the October 1972 APJ, dr K Robert Durig, claims to have had a serious allergy caused by "pigeon dust". Dr Durig, how was it determined that pigeon dust caused your allergy? Did you incur scar tissue of the lungs? As a doctor, you are aware that allergies are caused by numerous substances: acrid smoke, many types of dust, golden rod (the flower of the common privet) which gives off a pungent choking odour, and

*Stuur bydraes in voor 15
Desember vir Januarie/Februarie
uitgawe*

don't forget the hay, and ragweed. At times the cause of the allergy defies diagnosis. Any one of the above causes could cause a severe reaction to anyone including pigeon fanciers.

We do agree on one aspect of your article, doctor. When you say ample ventilation of the loft, I am with you all the way. I do not remember the month of the year my article on why preventative medicine was published and in it I stressed ventilation here in the East. The corn stalk shavings you spoke of a known as "stays dry". It is made of crushed corn stalks, dried, and put through a shredder. When dry it is very dusty and could have started your allergy. It absorbs a lot of moisture and stays damp, I sprinkle a little in the nest boxes to soak up the droppings, but it has to be changed frequently.

Doctor, I cannot go along with you on the hay. Sure, it smells clean and sweet, but it does generate heat and could cause spontaneous combustion, also hay fever. Germs multiply at a rapid rate in warm, deep, damp litter.

My favorite floor litter is "sanicel". It is made of ground, medicated corn cobs originally used in labs for experimental animals. When the litter is first spread on the loft floor, there is a slight pleasant medicinal aroma, and this lasts for more than a year. The droppings disintegrate as long as the aroma lasts. It is very difficult to obtain and the "sanicel" on the floors of my three lofts has been there five years. Every day I rake up the droppings and use sifter that allows only the "sanicel" to fall through. Of course there is a certain amount of dust in the form of course sand. Once a year, I use a fine screen to sift out the "sanicel" which I reuse and discard the dust and add a pail or two of fresh "sanicel" to a depth of 1.5 inches for another year. In my three pens, each 10 feet deep by 6 feet wide are windows 3 feet by 4 feet, 6 inches on the South side. At the top and bottom are adjustable

To page 28



WITBLITSFEES - BOTHAVILLE - DRIES VAN DER WALT



Op 5 Oktober 2002 het die Witblitsfees plaas gevind te Bothaville.

Die Nasionale President het met die blink gedagte gekom dat daar 'n sierduif uitstalling moet plaas vind. So gesê so gedoen, en daar is van die Sierduif lede gevra om twee

duiwe per ras te bring vir die uitstalling.

50 Rasse is bymekaar gemaak wat 100 duiwe in totaal was. Wynand soos ons hom ken het borge gekry, nl. R300 wat as volg verdeel was. R100 vir die eerste plek en R50 vir die 2de plek vir volwassenes wat reg kon voorspel wat die beste duif was en dieselfde vir Laerskool kinders.

Mnr Francios Haasbroek, mielie koning van Bothaville het die beoordeling vir volwassenes gedoen en sy keuse was 'n Non en Raadsheer, en Mev Ray Brink het vir die Laerskool die beoordeling gedoen, nl. Archangel en Norwich Kropper.

Stembriewe is beskikbaar gestel vir die seniors en Laerskole, wat ingevul moes word. Aan die einde van die dag ongeveer 16h00 het Bertie die stembriewe nagegaan. Wat 'n verassing was dit nie. 4 Volwassenes het reg orspel asook 4 kinders was in die kol.

Lootjies is getrek en 'n dame en man het onderskeidelik die R100 - R50 gewen. Die kinders was 'n seun van Bothaville wat pryse verower het.

Wynand het die persone gekontak en hulle pryse aan hul oorhandig.

Die stemme was as volg:

30 Raadsheer
18 Runts

17 Kings
15 Kartelrug
13 African Toy
10 Non en Modena
8 Fantail en Maggie
7 Archangel, Norwich Kropper, Giant Pouter en Swallows

Altesaam was daar 200 stembriewe voltooi.

13h00 het ons die vleis op die kole gegooi en het ons nie 'n lekker braai gehad, met die slaai en krummel pap nie? Ons almal het dit baie geniet.

Martie, baie dankie vir die voorbereidings - dit was weer eens puik gedoen.

16h15 het ons weer huiswaarts gekeur na weer eens 'n baie geslaagde duiwedag.

WES-TRANSVAAL SE JAARVERGADERING - DRIES VAN DER WALT

Net so die hooftrekke ivm Wes-Transvaal se Jaarvergadering gehou op 28 September aan die huis van Fanie Schoeman.

Bestuur is as volg:
President / streekvertegenwoordiger
Dries van der Walt
Vise-President - Dawie Fouche
Sekretaris - Kobus Swanepoel
Tesourier - Julian Fincham
Beoordelaarsbeampste - Johan van der Walt
Skoubestuurder - Fanie Schoeman
Gasvrou - Drien Schoeman

NOORDWESKROON DUIWEDAG

Besluit is geneem dat Wes Tvl en Noord Ovs met die duiwedag voortgaan. Dit sal bekend wees as 'n opleidingsdag (meer hieroor later).

KLERKSDORP SKOUGRONDE

Die skou is nou amptelik van die baan. Die hokke



en ligte is alles verwyder uit die saal en word verskuif na Delareyville.

NASIONALE SEKRETARIS

Mnr Kobus Swanepoel is genomineer vir die bovermelde pos.

WERK VAN NUWE LEDE EN WEGKWYNING VAN LEDE

Beroep is op alle lede gedoen om skouer aan die wiel te sit om sodoende nuwe lede te werf.

VERSLAE

Graag wil ek aanhaal 'n gedeelte uit die beoordelaarsbeampste se verslag:

“'n Ander probleem wat ek opgemerk het, dit was ook by ander skoue gesien, is dat persone nie die hoofbeoordelaar kans gee tydens sy beoordeling nie. By die streekskou het ek redelik gesukkel om almal weg te hou van die gebied waar oom Wynand beoordeel het. Party mense het deur geloop, ander het in die pad bly staan en die onmoontlikste vrae gevra. Hierdie persone wat so in die gebied deur beweeg pla nie net die hoofbeoordelaar nie maar pla ook die duiwe. Dus kan u duif wat daar voorstaan 'n kans om in die top 8 te wees ontnem word deur 'n persoon wat altyd sê “ek het geen duiwe hier nie”. Met ons

volgende skoue vra ek elkeen van u om die mense weg te hou tydens die hoofbeoordeling. Ek het hierdie jaar redelik gesukkel om die rasse by die onderskeie beoordelaars in te deel aangesien beoordelaars my in die steek gelaat het - 4 om presies te wees. Dit het my laat besef dat ons jong mense moet begin om beoordelaars sertifikate te verwerf, aangesien ons streek baie min, indien enige, beoordelaars het behalwe oom Karel. Verder is die beoordelaars in die SASV oor die algemeen redelik oud en hulle sal nie altyd daar wees om te beoordeel nie.”

VERKIESING VAN AMPSDRAERS

Die vergadering het eenparig besluit om met die volgende SASV Jaarvergadering punt 7.1 van grondwet (verkiesing van ampstraers) 'n voorstel in te dien dat hierdie punt gewysig moet word tot die Presidentsverkiesing.

Die gevoel van die vergadering was hoekom moet die persoon vervang word wat uiters suksesvol in die pos is?

Nadat die President weer vir Fanie en Drien bedank het vir hulle bereidwilligheid om hulle huis beskikbaar te stel vir die hou van die vergadering het die vergadering verdaag.

Na 'n heerlike vingerete het ons huiswaarts gekeer.

Wes-transvaal verdien met hierdie bydrae 65 punte

KAPUSYNER-DAG TE BOTHAVILLE deur Ds. Hennie Hattingh



Ds Hennie Hattingh van Bothaville saam met sy verloofde Ronè wat die gasheer van die duiwedag was

Van vêr het hulle gekom : Chris Lamont vanaf Piet Retief, Willie Cooms vanaf Grahamstad, Chris en Ruan de Bruyn vanaf Pretoria, Lourens Muller, Kobus en Bertha Snyman, Rodney Stevens en Brandweer en gesin vanaf Bloemfontein, en dan ook die manne vanaf Wes-Transvaal : Julian Fincham en Dries van der Walt en talle ander van somer naby. Die geleentheid: 'n Kapsyner-dag gehou aan huis van Hennie Hattingh te Bothaville. Een-en-twintig S.A.S.V. - lede en agt aanhangsels bymekaar vir 'n heerlike oggend van kuier en duiwe gesels.

Dit is wat Chris Brandweer in gedagte gehad het toe hy só 'n dag gereël het vir Saterdag 2 Novem-





Dr Koot Serfontein

is tydens die SA Kampioenskapskou van 2001 toegelaat tot die Fancy Pigeon: Hall of Fame. Hy was die 18de lid van die vereniging wat hierdie eerbewys ontvang het. Vir die van ons wat dit nie weet nie, Koot het veral reuse werk gedoen met die vertalings van duive standarde enkele jare gelede. Koot het oor 'n wye front van die vereniging diep spore getrap en was ook nou gemoeid met die destydse Beoordelaarsvereniging.

ber 2002, en só was dit dan ook gewees. Met die wysheid van drie senior beoordelaars teenwoordig (Wynand Wessels, Lourens Muller en Kobus Snyman), asook die kundige insette van Rodney Stevens en al die ander was dit inderdaad 'n dag wat nog lank onthou sal word, veral deur ons Kapusyner-telers en deur hulle wat Kapusynerse op skoue beoordeel. Moet die Kapusyner 'n langwerpige roset of 'n ronde roset vertoon? Moet hy kort van nek en lyf of lank van nek en lyf wees? Is 'n L-vormige staanhouding 'n absolute vereiste of mag hy effens neig na die houding van 'n Jakobyn? Is daar in S.A. Kapusynerse wat op rasstandaard is, of moet daar weer aan invoer gedink word?

alles en nog vele vrae is breedvoerig bespreek met 'n 14-tal Kapusynerduive in die hokke as voorbeelde. Die slotsom was dat Kapusyner-telers hulle duive by geleentheid sal moet bymekaarbring en 'n fyn seleksie doen van broeipare sonder om op mekaar afgunstig te wees ten einde die ideale Kapusyner te broei, want ons is daarvan oortuig dat daar geskikte teelmateriaal in ons land beskikbaar is. Deur die gesprek heen is voortdurend vrae gevra oor die plek van 'n Kapusyner wanneer dit kom by die finale beoordeling en weet ons

as Kapusyner-telers dat die hoop nie beskaam dat 'n Kapusyner ook onder die top 7 duive op 'n skou kan uitkom.

Daarna het Julian Fincham 'n insiggewende praatjie gehou oor Jakobyne en met name onder die hofies:

Die opbou van 'n suksesvolle Jakobyn-familie Wenke vir die beginner vir die teling van Jakobyne Beoordeling van Jakobyne.

Ook in hierdie geval was 'n 6-tal Jakobyne in die hokke wat deeglik bekyk en bespreek is.

Tradisioneel aan 'n duiwedag op Bothaville (is daar van u wat die Sponsduifdag in 2000 by Wynand Wessels se huis onthou) het die reën ook nie weggebly nie en rondom middagete toe ons 'n vleisie op die kole het, het 30 mm. se reën uitgesak-dit nadat ons vroeër die week 85 mm. in een enkele bui gehad het.

Gelukkig het die motorhuis genoeg plek gehad vir al die mense, al die duive, al die kos wat deur die dames aangedra is en ook nog die twee braairooster en kon ons later die middag as "dik vriende" uitmekaar gaan.

Groete van huis tot huis en mag almal van ons vreugde ervaar met die laaste deeltjie van die broeiseisoen.

Hennie Hattingh

Noord-Vrystaat verdien 65 punte



Skoudatums vir 2003

26 April 2003 - Oos Vrystaat / Natal
(Gekombineerd te Bethlehem)

3 Mei 2003 - Noord Vrystaat & Namibia

10 Mei 2003 - Vrystaat

17 Mei 2003 - Oos Transvaal /
Oostelike Provinsie / Griekwaland Wes

24 Mei 2003 - Noord-Transvaal

31 Mei 2003 - Boland / Westelike Provinsie
(Gekombineerd te Kraaifontein) & Transvaal

7 Junie 2003 - Wes-Transvaal

**8 Julie - 12 Julie 2003 - SA's te
Oudtshoorn, aangebied deur SWD.**

NOTAS

Geen streekskou word deur SWD aangebied,
nie.

S. A. SPONSDUIFKLUB

Alle belangstellendes word hartlik uitgenooi
na 'n sponsduifdag wat gereël word deur die
Sponsduifklub van S.A.

Besonderhede is die volgende:

Datum : D.V. 1 Februarie 2003

Plek : Kommandosaal, Bothaville

Tyd : 9.00 met afsluiting rondom
middagete.

Rasse wat bespreek sal word is : Dragoons,
Carriers, Indianers en Engelse Barbs

Roetebeskrywing na die saal is soos volg:

Vanaf rigting Klerksdorp : Ry tot by Shell-
garage langs verbypad, draai direk na Shell-
garage links rigting Kroonstad, ongeveer 150
meter draai regs, kommandosaal op
regterhand.

Vanaf rigting Welkom : Ry met verbypad tot

NUWE BESTUUR VAN NOORD TRANSVAAL

Op die AJV van Noord Transvaal is die
volgende lede verkies tot die bestuur vir
2003.

President Chris De Bruin

Vise-President &

Sreeksverteenvoorder Willie Van Zyl
Beoordelaarsbeampte Gerhard Van Der
Bank

Skoubestuurder Wolfgang Dombrowsky
Sekretaris Roelf Buitendag

Addisionale Lede Freddie Theron


Benard Van Zyl

Die berig oor die gebeure sal later
aangestuur word.

die groenhuis.

this restored guesthouse has one huge drawback:
sooner or later you have to go home.
meals on request. rustic atmosphere.

philippolis



frits-family philippolis.org.za/groenhuis.htm
jensfrits@intekom.co.za -27 (0)51 7730073

van der post guesthouse & artist retreat

next to sir laurens' library, restaurant, info-centre...

exclusive, private & affordable

philippolis

halfway between north and south

alternative n1-route



051-7730203 jensfrits@intekom.co.za
051-7730073 www.philippolis.org.za/post.htm

by Kroonstad-bord net duskant die Shell-garage
op regterhand, draai regs, ongeveer 150 meter
draai regs, kommandosaal op regterhand.

Vir navrae kontak gerus vir: Hansie Botes by
0827327372 of-

Hennie Hattingh by 082 923 3910 of

Wynand Wessels by 056 515 2769



Specialist Clubs / Spesialiteits Klubs

S.A. Botternek Tuimelaarsklub (Hernieu Jul-02)

President: Willie van Zyl, Kwintstraat 400, Pretoria Tuine 0082. Tel: 012-3793300

Sekretaris: Chris de Bruin, Posbus 788, Derdepark, 0035. Tel: 012-8080463

S.A. Sponsduifklub (Hernu Jul-02)

President: Barnard Steyn, Posbus 188, Worcester 6850. Tel: 023-3424974

Sekretaris: Hennie Hatting, Posbus 178, Bothaville 9660. Tel: 056-5152763

S.A. Sjinese Uilklub (Hernu Jul-02)

President: Willie van Zyl, Kwintstraat 400, Pretoria Tuine 0082. Tel: 012-3793300

Sekretaresse: Me. Hendriena Swanepoel, Conradstraat 18, Kimberley 8301. Tel: 053-8335024

S.A. Mookeekklub (Hernu Jul-02)

President: Danie Badenhorst, Posbus 290, Kestell 9860. Tel: 058-6531397

Sekretaris: Ruben Kitching, Campbellweg 28, Valhalla 0185. Tel: 012-6544816

S.A. Birmingham Rollervertonersklub (Hernu Jul-02)

President: Chris van den Berg, Rynokriellaan 85, Universitas, 9321. Tel: 051-5228701, Sel: 0823763130

Sekretaris: Raymond Hohls, Posbus 25271, Langenhoven Park 9330. Sel: 0833039865

Nonklub (Hernu Jul-02)

President: Wikus van Niekerk, Posbus 1116, Dunnottar 1590 Tel: 011-7343137, Sel: 0824496876

Sekretaresse: Me. Petra van den Berg, Rynokriellaan 85, Universitas, 9321. Tel: 051-5228701

S.A. Bodemtuimelaarsklub (Hernu Jul-02)

President: Barnard Steyn, Posbus 188, Worcester 6850. Tel: 023-3424974

Sekretaresse: Me. Cora Munnik, Posbus 1775, Virginia 9430. Tel: 057-2126221

Norwich Kropperklub (Hernu Jul-02)

President: Dr Koot Serfontein, Posbus 2681, Honeydew 2040 Tel: 011-6750108

Sekretaris: Jas van Niekerk, Rijgerlaan 2, Robertson 6705. Tel: 023-6261308

Amerikaanse Show Racer Klub (Hernu Jul-02)

President: Basie de Lange, Posbus 66257, Riebeeckstad 9469. Tel: 057-3882990

Sekretaris: Benard van Zyl, Kwintstraat 400, Pretoria Tuine 0082. Tel: 012-3793300

Alle ander klubs se gelde is uitstaande

All other Clubs did not paid

Noord-Vrystaat kies bestuur op sy AJV deur Hendri Botha

Tydens die Algemene Jaarvergadering van Noord-Vrystaat streek op 14 September 2002 is die volgende persone tot die bestuur verkies:

President: Mnr Christo Munnik
V-President: Hendri Botha
Tesourier: Bertie Wessels
Sekretaresse: Mev Cora Munnik
Beoordelaarsbeampste: Dr Johan Loots
Streekvertegenwoordiger: Hendri Botha
Skoubestuurder: Mnr Hendri Botha
Hulp Skoubestuurder: Hennie Pelser
Damesleidster: Mev. Elize Botha

Griekwaland-Wes kies bestuur op sy AJV deur Hendriena Swanepoel

Tydens die Algemene Jaarvergadering van Griekwaland-Wes streek op 21 September 2002 is die volgende persone tot die bestuur verkies:

President: Adv. Chris Moller
V-President: Danie Visser
Tesourier: Mev H Swanepoel
Sekretaresse: Mev H Swanepoel
Beoordelaarsbeampste: Mev H Swanepoel
Streekvertegenwoordiger: Adv C Moller
Addisionele Lede: Oom Tys Pieterse, Koos Jacobs, Johan Nel

Telersregister / Breeders' Register

Botha, P., (A064), PO Box 6519, Secunde, 2302, Tel: (017) 6311423; Teel met Waaiersterte, Lahores, Strassers, Polish Lynx, Hollandse Hoogvlieërs en Bodemtuimelaars.

Gouws, R.J., (V012), Teel met Modenas, Helmets, Brunners, Veerpootduiwe, Pigmy Pouters, Cauchois en Arabiese Lagduiwe.

Louwrens, C (A066), PO Box 3013, Standerton, 2430, Tel: (017) 7023140; Spesialis teler van Waaiersterte, wit en meeste gebalke kleure. Een van die voorste stoeterye die afgelepe vyf jaar.

Lombard, J., (X015), PO Box 12058, Brandhof, 9324, Tel: 0832741014; Kormorner Tuimelaars, Magpies (gemerk en self kleure). E-mail: jlombard@tsb.toyota.co.za.V

Patterson, SA (A012), PO Box 69184, Bryanston, 2021, Tel: (011) 7042490; Breeder of Longfaced Cleanlegged and Muffed Tumblers, English Turbits, African Owls, English Trumpetters and Helmets (2002-TBL).

Pelser, DJP., (I028), PO Box 52, Riebeeckwies, 7306, Tel: (022) 4612241; Ek teel met Carriers en German Beauty Homers. Skakel gerus voor 14:00.

Plakkerskamp Boerdery, Chris en Elsabe van der Walt. (V031), Stantonstraat 1, Fichartpark, Bloemfontein, 9301, Tel: (051) 5223074; Teler van top blaasduiwe en skaarsrasse. Ons teel ook Bodemtuimelaars. Besoekers en navrae altyd welkom. Ons kinders is ook betrokke met hulle eie rasse.

Serfontein, Dr JH, (A028), PO Box 2681, Honeydew, 2040, Tel: (011) 6750108;

Teler van Modenas, Norwich Kroppers, Pigmy Pouters, Brunners.

Stevens, JR (V006), PO Box 34159, Faunasig, 9325, Tel: 0823763126; Teler van German Beauty Homers, American Show Homers, SA Show Homers, English Show Homers, American Giant Homers, Magnums, ingevoerde Kings (al die boonste duiwe in meeste kleure), Nuremburg Larks, Birmingham Rollers en Engelse Trompetters (kyk die skou resulte).

Taliep, Z, (H052), 1 Lyndon Crescent, Pinati Estate, Langdoune, 7764, Tel: (021) 6921651; Breeder of Gros Mondains, Kings and Runts.

Van Beek, G., (X024), PO Box 300, Reitz, 9810, Tel: (058) 8633360; Modenas in rooi en geel self, slegs van VSA bloedlyne (Louis en Bob Catright).

Van Niekerk, JL., (C027), PO Box 1116, Dunnottar, 1590, Tel: (011) 7343137; Teel met Mookees, Nonne, Kartelrue, blou en brons Gazzi Modenas, Afrikaanse Troetelduiwe, Saalrug Indiese Waaiersterte, Holle Kroppers.

Van Reenen, CJ., (X043), Buysstraat 17, Wilgepark, Harrismith, 9880, Tel: (058) 6231041; Breeder of Longfaced, Shortfaced, Kormorner, Felegyhauzer Tumblers, Helmets and Modenas.

Weatherall, Miss D., (V034), PO Box 34159, Faunasig, 9325; Teler van skild kroppers.

Spesklubs wat nog nie hulle gelde by die Ringmeester in betaal het, word weer daaraan herinner

Die Sierduif The Fancy Pigeon

2002

July/August Show Special
Julie/Augustus Skou Uitgawe

Winners at the 2002 Championship Show.

*Grand Champion Bird and Cham-
pion Old Bird on Show - Grizzle
Chinese Owl (OH) of Mr. Pierre le
Roux from Cape Town.*

*Reserve Champion on Show and
Champion Yearling on Show - a
Blue 2002 Young Gros Mondain
Hen of Basie de Lange from
Riebeeckstad.*


*Geluk aan Oos-Vrystaat wat 'n
prag skou aangebied het.*

*Ook die wyse waarop die duiwe
in verskillende lokale vertoon
is, het uitstekend gewerk en die
beoordelaars kon op hul gemak
met baie ruimte duiwe
beoordeel.*

*Dit was ook opvallend hoe
netjies die verskillende lokale
gehou is.*

*Hooglandskool en -koshuis sal
vir baie jare onthou word.*

*Vir 'n week was alles deur
lede van die SASV geankseer.*



For the Love and Care of Fancy Pigeons Vir die Liefde en Versorging van Sierduiwe

Official Organ of the South African Fancy Pigeon Association
Amptelike Mondstuk van die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging

**DIE S A SIERDUIFVERENIGING
THE S A FANCY PIGEON ASSOCIATION**

Ere-Presidente / Honorary Presidents

Mnr WLT Klopper, Posbus 143, Schweizer-Reneke Tel 05396-31547
Ds RG Lee, Posbus 6, Swartruggens 2835. Tel 014-5440008
Mr CA Druce, 48 Lange Street, Uitenhage 6230. Tel 041- 9922684
Mr SA Patterson, P.O. Box 69184, Bryanston 2021. Tel 011-7042490

UITVOERENDE KOMITEE EXECUTIVE COMMITTEE

Nasionale / National President:

Mnr WJ (Wynand) Wessels, Posbus 346, Bothaville 9660. Tel: 056-5152769

Nasionale Vice- / National Vice-President:

Mnr CJ (Corrie) van Reenen, Posbus 89, Harrismith 9880. Tel 058-6231041

Nasionale Sekretaris / National Secretary:

Mnr TL (Theuns) Steyn, Posbus 188, Worcester 6850. Tel 023-3424974

E-pos: tsteyn@romatex.co.za

National Treasurer / Nasionale Tesourier:

Mnr CR (Chris) de Bruin, Posbus 788, Derdepark 0035. Tel 012-808 0463

E-pos: chris.debruin@dcs.gov.za

Nasionale Ringmeester / National Ring Master:

Me Petra van den Berg, Posbus 11 589, Universitas 9321 Tel 051-5226141

E-pos: pvdberg@freemail.absa.co.za

Nasionale Redakteur / National Editor:

JJ (Kobus) Snyman, Posbus 22355, Extonweg 9313 Tel 051-4331845

E-pos: kobussnyman@mjvn.co.za

Nasionale Beoordelaarsbeampte / National Judges' Officer:

Mnr C (Christo) Munnik, Posbus 1775, Virginia 9430. Tel 057-2126221

Streekverteenwoordigers Regional Representatives

Transvaal: Dr JH Serfontein. Posbus 2681, Honeydew 2040. Tel: 011-675-0108

Free State: Mnr CG van den Berg, Posbus 11 589, Universitas 9321. Tel 051-5228701

Western Province: Mnr C Wrench. 57 Fairfield Road, Parow 7500. Tel 021-939 75__ (?)

Noord-Vrystaat: Mnr Hansie Botes Posbus 181, Bothaville 9660. Tel 056-515 1135

E-Transvaal: Mnr JF Labuschagne, Posbus 14001, Nelspruit 1200. Tel. 013-7411921

Griekwaland-Wes: Mnr. CJS Möller, Rhodeslaan 6A, Kimberley 8301. Tel 053-861-2146

E. P: Me Netta Prins, P.O. Box 455, Port Elizabeth 6000. Tel 041-364 3933

Oos-Vrystaat: Mnr AJ Loubser, Efratsingel 11, Bethlehem 9700. Tel 058-3033780

S.W. Districts: Mnr Johan Vivier, Posbus 811, Oudtshoorn. 6620 Tel: 044-2516704

Wes-Transvaal: Mnr Dries van der Walt, Posbus 125, Migdol. Tel 053-965-0627 (na-ure)

N-Transvaal: Mnr Willie van Zyl, Kwintstraat 400, Pretoria Tuine 0082. Tel 012-379-3300.

Boland: Mnr BIC Steyn, Posbus 188, Worcester 6850. Tel 023-3424974

Natal: Mr Rob Lombaard, 104 Globe Road, Scottsville, Pietermaritzburg 3201. Tel 033-3869785 / 083 7979 785

Namibië Mnr Tinus Coclin, Posbus 9084, Eros, Windhoek, Namibia. Tel 092648-11276791

Website

<http://www.mjvn.co.za/safpa/>

Die Sierduif
The Fancy Pigeon

Aug. 2002 Show Special

Verkrygbaar vanaf
Obtainable from
Mnr JJ Snyman
Posbus / P.O. Box 22355,
Extonweg
Bloemfontein 9313
Tel & Fax 051-4331845
Sel. 082 875 0124
E-pos
kobussnyman@mjvn.co.za
Woning / Home
DF Malherbe Laan 11
Estoire

Die Sierduif word
geset deur die
Redakteur en gedruk
en gebind deur
Andrew & Co (051)
4304126

Bydraes vir publikasie
moet voor die 1ste van die
maand vir die
daaropvolgende maand
aan bovermelde adres
versend word. / Send your
contributions to the above
mentioned address before
the 1st of the month for
publication the next month.

**Ondersteun die
Maandblad
met Bydraes
Support the
Magazine
with Contribu-
tions**

Redaksioneel / Editorial

Die Skou-uitslae vir die jaar 2002 is in hierdie uitgawe vervat. Baie van die streke het die uitslae deur ge-pos en daarvoor sê ek baie dankie want dit het die oortik daarvan bespaar.

Iets waaraan die U.K. dringend aandag sal moet gee is dat die skouprogram aangepas moet word sodat die uitslae in maklike

verwerkbare vorm deur streke aan die redakteur gestuur kan word. As die eerste drie plekke ingetik kan word en die skousekretaris druk een of twee knoppies, dan moet alle klasse met toekennings uitgedruk kan word. Op die oomblik moet alles oorgetik word deur die streke en daarom is daar groot variasies in die formaat wat ditdie Redakteur bereik.

Vir maklike naslaan, word die bladsy nommers van die onderskeie skoue gegee:

Noord-Transvaal	Bls 3
Noord-Vrystaat	bls 6
Vrystaat	bls 9
Oostelike Provinsie	Bls 11
Natal	Bls 13
Boland (saam met W.P.)	Bls 17
SWD	Bls 19
SWD Landbouskou	Bls 20
Namibia	Bls 21
Wes--Transvaal	Bls 22
Griekwaland-Wes	Bls 24
Lichtenburg Landbouskou	Bls 26

Oos-Transvaal se skou-uitslae was met die ter perse gaan nog nie ontvang nie en sal dus ook nie gepubliseer word nie.

Vanaf bladsy 29 verskyn die besonderhede oor die Kampioenskapskou. Meer fotos sal deur die jaar gepubliseer word. Dit was nie 'n maklike taak nie want die skoukatalogus en die beoordelaarslyste het verskil en alles moes gekontroleer word. Ek het byvoorbeeld die Gros Mondains beoordeel en die verkeerde duiwe is in daardie ras as raswenduiwe in die katalogus geïdentifiseer. Ander foute wat mag voorkom, sal ons nie weet nie omdat byvoorbeeld geen name van laat inskrywings in die katalogus aangebring is nie. Dan maak Beoordelaars dit ook werklik vir 'n mens moeilik deur die dag met beoordeling duiwe wat in 'n verkeerde klasse ingeskryf is, rond te skuif en te beoordeel. Dit het verder meegebring dat die beoordelaarslyste en skoukatalogus ook hier verskil het; daarom die woord "unknown" by sommige uitslae.

Die verskaffing van korrekte uitslae vir publikasie is belangrik want elke lid wat duiwe vertoon, verwag dit van daardie streekbestuur. Dit is nie vir my wat u 'n guns doen nie; dit is 'n verpligting wat u teenoor die lede het. Daarom moet ons dit probeer korrek doen.

Kobus Snyman



Belangrik Important

'n Lid wat R1000 aan advertensies vir Die Sierduif in 'n jaar werf, sal vir een jaar gratis lidmaatskap ontvang.

A member who obtain R1000 advertes for the Magazine in one year, will earn free membership for one year

2002 Show Season

NOORD TRANSVAAL STREEKSKOU - 18

MEI 2002 deur Willie van Zyl

Die dag was heerlik en met 1315 duiwe ingeskryf kon dit ook nie beter gewees het vir die streek nie.


Baie dankie aan almal wat ons jaar na jaar ondersteun. Die wat vir die eerste keer hier gewees het, ons hoop u het 'n goeie boodskap uitgedra en gaan ons weer en weer ondersteun.

Aan die beoordelaars dankie vir julle groot werk. Al lyk dit nie altyd so nie ons waardeer wat julle doen.

Aan die lede wat gehelp het met die voorbereiding, reeds daar van die hok herstel dae af tot by die laaste opruiming
BAIE DANKIE.

Die uitslae is as volg:

Ras	Getal	Wenner
Norwich Kropper	28	D van der Walt
Brunner	26	D van der Walt
Holle Kropper	15	Jomatwill Boerdery
Hollandse Kropper	51	J Labuschagne
Pigmy Pouter	12	Dr. Koot Serfontein
Reversewing Cropper	13	F Theron
Shield Cropper	13	Robertson Lofts
Pomeranian Pouter	4	S Patterson
King	9	J de Bruyn
Gros Mondain	55	P Reyneke



Willie van Zyl het hierdie berig ingestuur. Op vele tereine in die Sierduifsport gooi hy sy gewig in.



Runt	15	C de Bruin
Dragoon	7	J de Bruyn
Eng. Barb	2	J Harvey
Indianer	8	H Hattingh
Mookee	73	R Kitching
Non	7	W van Niekerk
Afrikaanse Troetelduif	40	F Theron
Bokhara Trompetter	4	Geen toekenning
Engelse Trompetter	19	S Patterson
Gazzi Modena	102	W van Niekerk
Schietti Modena	130	Oelofse Broers
Fantail	126	Van der Westhuizen
Jacobin	14	J Fincham
Eng C/L L/F Tumbler	14	S Patterson
Eng Muffed Tumbler	11	S Patterson
